# Afdeling 5: Selfstandige Christelike Universiteit

## Hoofstuk 5.1

## HANDHAWING VAN PUK-KARAKTER




**"Die beginsels van die P.U.K. vir C.H.O. is die lewensessensie van alle geestelike bestaan. Net so min as wat die beginsels ooit verbreek of uitgewis kan word, net so min kan nasies of inrigtings wat eerlik en opreg die beginsels handhaaf, in toepassing bring en uitleef, ooit ondergaan. MAAR - en dit is 'n groot maar - dan moet die beginsels waaragtig bely en beleef word. So nie, dan kan wis en seker UITWISSING verwag word. Swaar en groot is dus die verantwoordelikheid wat rus op die professore, dosente en studente van die P.U.K. vir C.H.O ... Mag so die toekoms van ons P.U.K. vir C.H.O. wees tot eer van God die Here en tot diens en welsyn van die volk van Suid-Afrika, en dit op die Pad van Suid-Afrika, en laat niemand "die dag van kleine dinge" verag nie!"**

**- Prof Ferdinand Postma, 1942**

**"Deur Christelike Hoër Onderwys trag die P.U.K. dus om nie slegs lewensegtheid en spontaniëteit in die student te kweek en te ontwikkel nie, maar boweal om hom te vorm tot gehoorsaamheid aan en navolging van die waarheid, sodat hy waarlik toegerus sal wees vir diens. In hierdie opsig neem die P.U.K. vir C.H.O.'n unieke plek in in die opvoeding van ons volk. Elke student wat van die kostelike geleenthede wat hierdie inrigting bied, in die klaskamer sowel as daar buite, behoorlik gebruik maak, oefen later 'n onberekenbare invloed ten goede uit in die samelewing waar hy beland."**

**- Lenie Roos, in Besembos XXIV(1950)**

## 5.1.1 Beginsels as "lewensessensie"

Waar die strydbyle sommer vroeg in die dertigerjare opgeneem is om die "verminkte vaandel" van die PUK – die Christelike identifikasie in sy naam – herstel te kry, en dit inderdaad ook teen 1934 bewerkstellig is, sou hierdie dekade ook verskeie geleenthede bied vir standpuntinname vir sover dit die "nasionale" oftewel Afrikaner karakter van die inrigting betref. Intense politieke woelinge wat onderlinge verdeeldheid en selfs skeuring in Afrikanergeledere veroorsaak het, sou dit enigsins moeilik maak om te alle tye eensgesindheid in PUK-geledere te verseker.

In die veertigerjare sou oorlogstydse optredes en houdings **(hoofstuk 4.2),** die politieke en kulturele bedrywighede van personeel en studente **(hoofstuk 4.3)** en die inhoud en trant van voorlesings wat onder die vaandels van die Senaat en die Stafklub aangebied is, **(hoofstuk 3.3)** geen twyfel laat oor die karakter van die PUK nie. Dieselfde geld vir 'n kort maar heftige polemiek oor Christelik-nasionale onderwys en 'n poging, weliswaar onsuksesvol, om op die vooraand van selfstandigwording die gewetensklousule te omseil.

Ook in die klaskamers is pertinente aandag aan die Christelike beginsels gegee terwyl die Afrikaanse karakter van die inrigting op talle vlakke van die samelewing en deur 'n verskeidenheid van aksies gestimuleer sou word. Die verstewiging van die bande met Nederland was verder daarop gemik om die Afrikaanse karakter van die Universiteit te verstewig.

Rektor Ferdinand Postma het steeds 'n leidende rol gespeel vir sover dit die handhawing en uitbou van die PUK se karakter betref. Tydens 'n byeenkoms van studente en oudstudente op 3-5 Oktober 1941 het hy in 'n rede getiteld "Die verlede en die toekoms van die P.U.K. vir C.H.O." aangehaak by die welbekende uitspraak van prof Jan Lion Cachet, "De leus onzer School is: Gereformeerd en Nasionaal, Gereformeerd en Afrikaansch". [1]


Wat "gereformeerd" betref, sê Postma, het Cachet en sy voorganger en kollega prof Dirk Postma en hul opvolgers geen eng kerkistiese leer verkondig nie, maar die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing bedoel.


Hoewel albei van hulle Nederlanders was, wou die twee pioniers 'n nasionale oftewel Afrikaanse opleiding vir die jeug hê: "Hulle wou nie van Afrika 'n **Kein Nederland** of 'n **Klein Engeland** maak nie ... Dit moet **Afrikaans** wees." Inderdaad, sê Postma, het hulle nie destyds die draagwydte van die woord ten volle besef nie: hulle het die gedagte van "Suid-Afrika Eerste" wat eers in 1913 [sic: 1912] deur genl Hertzog op De Wildt 'n "slagwoord" gemaak is, reeds in 1869 op Potchefstroom vasgelê.

Postma wys verder daarop hoedat gedurende die eerste dertig jaar vasgehou is aan die twee beginsels. Die Anglo-Boereoorlog was 'n vuurproef, 'n geweldige toets vir die beginsel van Nasionaal/Afrikaans te wees, vir die PUK se standpunt "ten opsigte van ons bestaan as 'n eiesoortige deur God so gewilde en bepaalde Afrikaanse volk". Die monument vir gesneuwelde studente en oudstudente voor die Teologiese Skool, met die sprekende woorde **Gloria Victis**, is volgens Postma 'n kosbare getuienis, waarop trots en waarvoor dankbaar behoort te wees.

Deur die soldate-aanval op die PUK, op 7 Augustus 1940 **(hoofstuk 4.2)**, het die PUK "vir die Afrikaanse volk die waarmerk ontvang dat hy nog vas en seker voortgaan op die pad van Suid-Afrika".

Wat die toekoms betref, sê Postma dat geen volk ter wêreld verkeerd gaan as hy op die twee spore, die twee beginsels – Gereformeerd/Calvinisties en Nasionaal/ Afrikaans – voortgaan nie. Hy sien 'n Afrikaanse volk, gedra deur die twee beginsels "om in jeugdige krag sy eiesoortige van God-bestemde lewe uit te leef op alle terreine van die lewe."





***5.1.1***

***Prof Dirk Postma***

***Prof JL Cachet***





***5.1.2***

***Gloria Victis***

***Soldate-aanval***

Postma sien 'n mooi en heerlike toekoms vir die PUK: "Ek kan amper met sekerheid sê: **Dit staan geskryf** dat nog in die naaste toekoms ons Kollege 'n Universiteit sal word en dan in waaragtige sin 'n **Volksuniversiteit** wat in alle opsigte in die allernouste verband met ons eie Afrikaanse volkslewe sal staan." Selfstandigwording word in die vooruitsig gestel en Postma noem dit " 'n mooi en verheffende **ideaal** waarna gestreef kan en moet word, om te word 'n **selfstandige Christelike Universiteit**."

Ten slotte twyfel Postma nie "aan die toekoms van ons volk en van ons P.U.K. vir C.H.O." nie, maar die besieling moet kom van dosente, personeel, studente en oudstudente en kan geput word uit die twee groot beginsels, naamlik Calvinisties en nasionaal.

In 1942, tydens die 21ste herdenking van inkorporasie by die Universiteit van Suid-Afrika, het rektor Ferdinand Postma met gebruikmaking van die gewilde Sagaria-vraagstelling "Wie verag die dag van kleine dinge?" (Sag. 4:10), 'n kort terugblik oor die wel en wee van die PUK in 'n feesnommer van die tydskrif *Koers* gegee.[2] In 'n spesiale huldeblyk aan ds WJ de Klerk, wat by dié feestelike geleentheid 'n kunstige houtsneewerk aan die PUK laat toekom het, toon Postma aan dat die Christelik-nasionale beginsels wat deur hom gehuldig is, ook die beginsels was waaruit die PUK "geword en opgebloei" het. En dan herbevestig Postma in kragtige terme die PUK se absolute verbintenis aan hierdie beginsels: "Koersvas het die inrigting getrou gebly aan die inspirerende en lewe-wekkende beginsel om alle wetenskap, alle opvoeding en opleiding te bring onder die tug van die Woord van God en alle probleme en vraagstukke te besien by daardie Lig, wat die waaragtige Lig is wat elke mens verlig.

"Dit is die een groot magtige beginsel van die P.U.K., waaruit voortvloei die ander groot beginsel, die van nasie-bewustheid, nasie-getrouheid en nasie-liefde. 'n Volk is nie maar 'n toevallige iets nie, maar elke nasie-wording en nasie-ontwikkeling is uitvloeisel van die Raad van God. So tog was die bedoeling van die oprigters en ondersteuners van die inrigting, dat die jeug opgevoed en opgelei moet word in 'n klare aanskouing van en 'n onwrikbare geloof in die God-gegewe taak en roeping van die Afrikaanse volk.

"Dit is die nasionale beginsel van die P.U.K. wat vanaf sy ontstaan sy karakter bepaal het. Hieraan is vasgehou ook met opoffering in die moeilikste tyd van sy bestaan. Hierdie beginsel was oorsaak dat tydens die Engelse oorlog die inrigting gesluit is; dat tydens die wêreldoorlog op die laaste oomblik 'n aanslag van soldate op die inrigting in Potchefstroom afgeweer is, en vir die derde keer in 1940 het so 'n aanval werklikheid geword. Hierdie aanslae is die beste bewys dat die inrigting hom nog voortbeweeg op die 'pad van Suid-Afrika'."

Synde na 21 jaar een van die sterkste komponente van die Universiteit van Suid-Afrika, maan Postma tog: "Tye is moeilik, miskien die moeilikste wat ooit beleef is, en die toekoms is baie donker." Maar koers- en beginselvaste jongmense word nie kleinmoedig of kleingelowig nie en word gedra deur staalkragtige beginsels: "Die beginsels van die P.U.K. vir C.H.O. is die lewensessensie van alle geestelike bestaan. Net so min as wat die beginsels ooit verbreek of uitgewis kan word, net so min kan nasies of inrigtings wat eerlik en opreg die beginsels handhaaf, in toepassing bring en uitleef, ooit ondergaan.

"MAAR – en dit is 'n groot maar – dan moet die beginsels waaragtig bely en beleef word. So nie, dan kan wis en seker **uitwissing** verwag word. Swaar en groot is dus die verantwoordelikheid wat rus op die professore, dosente en studente van die P.U.K. vir C.H.O....

"Mag so die toekoms van ons P.U.K. vir C.H.O. wees tot eer van God die Here en tot diens en welsyn van die volk van Suid-Afrika, en dit op die pad van Suid-Afrika, en laat niemand 'die dag van kleine dinge" verag nie!' "

Sonder om in besonderhede te tree, kondoneer rektor Postma in 1947 in sy 1947-jaaroorsig die aktiewe deelname en leiding in breër kringe van die personeel "in die sosiale, kulturele, opvoedkundige en ekonomiese lewe van die Afrikanervolk".[3]

## 5.1.2 Afrikaanse karakter

### 5.1.2.1 Taal en kultuur, dertigerjare

Die handhawing van die Afrikaanse taal en kultuur het steeds in die dertiger- en veertigerjare hoë prioriteit by die Pukke geniet.

Die wetlike erkenning van Afrikaans as tweede amptelike taal in 1925 was 'n besondere geleentheid en is deur dr DF Malan, wat as minister van Binnelandse Sake die wetsontwerp deurgevoer het, só beskryf: "Dit beteken 'n voldoening aan die diepste gevoelens en hoogste aspirasies van daardie deel van die Suid-Afrikaanse volk. Dit is 'n simbool van die volk, van sy bestaan." Daarmee het die Afrikaner vir die eerste keer gevoel dat hy ten volle erken word, in sy eie land ten volle vry is.[4]

Die kwessie van Afrikaans as medium vir beraadslaginge in vergaderings en in korrespondensie is baie gou ná




*5.1.3*

***Optog in Koning Edwardstraat, wat nou, tydens die herdenkingsfeeste vir die Groot Trek, sy ou en regmatige naam teruggekry het, naamlik Kerkstraat. Dosente en studente het 'n groot rol in hierdie regstellende aksie gespeel.***

die PUK se toetrede tot die Universiteit van Suid-Afrika opgehaal en bestendig **(hoofstuk 2.1)**, maar in Mei 1929 ag dosent LJ du Plessis dit weer nodig om te vra dat alle kennisgewings van die universiteit aan die PUK in Afrikaans sal wees. Die rektor het die saak by die Senaat van die federale inrigting aanhangig gemaak en teen Oktober dié jaar kon hy rapporteer dat die registrateur onderneem het om "sover dit enigsins moontlik is aan beide tale reg te laat geskied". [5]

Nie dat dit juis veel gehelp het nie: presies 'n jaar later en na aanleiding van 'n skrywe vanaf die Universiteit van Suid-Afrika insake die moontlike verskuiwing daarvan, is dit maar weer dieselfde storie: dat die registrateur versoek sal word "om alle kennisgewings wat aan die P.U.K. gestuur word, in Afrikaans op te stel". [6] Dat die taalkwessie vir die PUK regtig erns was, blyk verder daaruit dat pas hierna een of ander versoek van die kant van die Universiteit van Suid-Afrika voor die Senaat gedien het (die aard waarvan nie vermeld is nie), maar dat terstond besluit is dat die saak wel ter tafel geneem sal word "as die brief in Afrikaans opgestel word". [7]

Maar dit was nie net die taal nie; ook die handhawing en bevordering van Afrikanerkultuur het van tyd tot tyd aandag gekry en daar sou geen twyfel gelaat word oor die PUK se sentimente in hierdie saak nie.

So verteenwoordig prof JA du Plessis die PUK by die stigtingskongres van die Voortrekkerbeweging in Bloemfontein, einde September 1931. Hierdie jeugbeweging was geskoei op die model van ander jeugbewegings, o.a. die internasionale Britse "Boy Scouts" van Lord Baden-Powell, en het ten doel gehad karaktervorming van die Afrikanerjeug, "om die jeug op allerlei maniere aan die Afrikaanse volkslewe te laat deelneem". [8]

Maar dis nie sommer net vir insit en aanhoor en instem nie; nee, die PUK-Senaat bemagtig sy verteenwoordiger met sekere voorstelle tot wysiging van die konsep grondwet. Onder die afdeling "Doel" sal PUK graag ingeskryf wil hê terme soos "die vorming van jongmanne met godvresende en sterk karakters" en "aankweking van christelik-maatskaplike deugde". Verder word hier en daar terminologiese veranderinge aan die hand gedoen en gevra dat, wat godsdiens betref, verwys

moes word na die Christelike godsdiens. Skynbaar kon daar nie op daardie stadium wysigings aangebring word nie maar het dr NJ van der Merwe, wat aan die hoofleiding van die beweging gestel is, onderneem dat later daarop ingegaan kon word. [9]

Kultuuraanvoeling noop rektor Postma om in die loop van 1932 twee skilderye vir die PUK aan te koop. Hierop besluit die komitee vir Terreine en Geboue dat 'n begin gemaak moet word met die aankoop van Afrikaanse skilderye terwyl Afrikaanse skilders ook genader sal word oor moontlike skenkings. 'n Kommissie vir Kunssake (proff Postma, AJH van der Walt en G Dekker) is benoem en by 'n volgende vergadering in 'n permanente kommissie omskep, met 'n jaarlikse aankopebegroting van £6. [10]

Die jaar 1939 was 'n "gedenkwaardige jaar ook vir die PUK", volgens rektor Postma, en wel vanweë deelname aan en betrokkenheid by die eeufeesviering van die dorp. Met trots is voorgehou die boek *Potchefstroom 1838-1939*, by die samestelling waarvan proffesore AJH van der Walt en J Chr Coetzee en oudstudent WH Badenhorst betrokke was. Saam met medeskrywer EH Jenkins en ook professore du Toit en Postma is hierdie persone in April 1940 deur die stadsraad vereer vir hul bydraes tot 'n suksesvolle fees. [11]

Proff FJ Labuschagne en DJ van Rooy was lede van 'n deputasie wat hulle daarvoor beywer het om die King Edwardstraat na die oorspronklike naam van die hoofstraat, Kerkstraat, te laat verander en wel as huldeblyk aan die Voortrekkers. [12] Ook die PUK se ANS-tak het hul kant gebring in hierdie "regstellende aksie" om die hoofstraat sy oorspronklike naam terug te gee. [13] Op 'n stadium het prof Labuschagne saam met kollega AJH van der Walt opspraak verwek toe hulle, uit protes teen wat hulle as verpolitisering van die fees beskou het, aan die feeskomitee onttrek het. Hulle was veral beswaard oor uitnodings aan generaals Hertzog en Smuts en aan minister Oswald Pirow, almal lede van die regerende party, terwyl hulle niks gehou het van 'n uitnodiging aan 'n Britse generaal wat gehelp het "om die vryheid van die republieke van hulle te ontneem". Laasgenoemde het toe nie gerealiseer nie en die twee professore het later hul bedankings teruggetrek. [14]

Dis nogal ironies, dié beswaardheid jeens die uitnodiging aan Oswald Pirow – 'n oudstudent!

Van studentekant is, "vir sover dit moontlik was", ook aan die verrigtinge deelgeneem. Maar iets het hulle gepla: "Daar was byna 'n gevoel van teleurstelling en weemoed omdat die ou hoofstad van Transvaal by dié geleentheid só oortrek was van doeke waarop die kleur 'rooi' so oorheersend was en dat vlae oral gewapper het wat vir ons volk 'n ander taal spreek as dié van vryheid en reg vir die volk waarvan ons deel uitmaak en **graag wil** uitmaak." [15]

Daardie vurige republikein, prof CJH de Wet, het in die fees 'n gulde geleentheid benut om sy politieke sieninge te beklemtoon. Hy betreur die feit dat die Vierkleur nie naas die Union Jack en die Unievlag gewapper het nie en beskou dit as simbool van die ondergeskikte posisie van die Afrikaner, wat 60% van die blanke bevolking uitmaak. Hy bepleit verder 'n buitepolitieke eenheid van die Afrikaners, onder die vaandel van 'n Christelike-Republikeinse politiek as nalatenskap van die Voortrekkers. Wat homself betref, sal hy eers weer

**Potchefstroom honderd jaar.**

Het Voortrekkers-dorp aan Mooirivier, met Pieter Maritzburg de eerste vestiging van de mannen van 1836 en volgende jaren, heeft in April zijn eeuwfeest gevierd. Het is hier niet de plaats een geschiedkundig overzicht te geven van wat er in Potchefstroom in de afgeloopen honderd jaren is voorgevallen. Wij willen er alleen op wijzen dat het in dien tijd telkens weer genoemd kon worden in verband met uitingen van krachtig Afrikaansch besef en dat het steeds de volle aandacht trok, wanneer de Transvaler voor zijn erfgoed strijden moest. Het was in Potchefstroom dat de eerste grondwet van Transvaal werd opgesteld. Het was Potchefstroom dat tot eerste hoofdplaats van de republiek werd geproclameerd en het handhaafde zich als zoodanig nog eenigen tijd zelfs toen Pretoria reeds regeeringszetel was geworden. Eerst onder president KRUGER trad het sterk terug. Potchefstroom was middelpunt van den burgeroorlog in de moeilijke en verwarde jaren van Transvaal. Het gaf het sein tot den Vrijheidsoorlog van 1880 en het scheen in 1914 het centrum te zullen worden van de rebellie.

En thans? Sinds Potchefstroom de zetel werd van het Universiteitscollege, waar op gereformeerden grondslag hooger onderwijs wordt gegeven, heeft het een reputatie gekregen, die over geheel Zuid-Afrika en ook in Nederland bekend is. Bezinning over de waarde van het Calvinisme op alle levensgebied zal men in Zuid-Afrika vooral daar moeten zoeken. Het was geen toeval dat *De Standaard* voor zijn Zuid-Afrika-nummer, waarvan in onze vorige aflevering gewaagd werd, juist in Potchefstroom medewerkers had gezocht. Wie antirevolutionaire overtuiging wil leeren kennen in Zuid-Afrika moet vooral daar aankloppen.

Doch Potchefstroom is ook een centrum, vanwaar christelijk-nationale overtuiging uitstraalt met een geheel eigen licht: het is middelpunt van de intellectueele republikeinen, die nooit hebben opgehouden te herinneren aan wat zij den vasten levensgrondslag achten, waarop het Afrikanerdom moet bouwen. Hun kring is klein, hun invloed op het leven van Zuid-Afrika beperkt, maar het valt niet te ontkennen dat zij er een eigen plaats innemen, die men noode onbezet zou zien.

Wij zijn dankbaar voor de voeling, die dit antirevolutionaire en christelijk-nationale Potchefstroom met geestverwante kringen hier te lande pleegt te onderhouden en erkennen met blijdschap dat daardoor de betrekkingen tusschen Nederland en Zuid-Afrika op een bepaalde wijze worden versterkt. Het eeuwfeest van het dorp Potchefstroom geeft ons aanleiding te overpeinzen hoe wonderlijk het is dat nu reeds gedurende honderd jaar altijd weer die zelfde plek gronds mannen mocht dragen, die hun licht op den kandelaar wilden zetten, opdat het zou kunnen schijnen over de wijde velden van Zuid-Afrika. Moge dat zoo blijven.

***5.1.4***

***Zuid-Afrika 16(6) Juni 1939 p 73***

feesvier as Potchefstroom deel uitmaak van 'n vrye en Christelike Suid-Afrikaanse Republiek. [16]

Ook van Nederlandse kant is die eeufeesvieringe van Potchefstroom beskou as "uitingen van krachtig Afrikaansch besef en dat het steeds de volle aandacht trok, wanneer de Transvaler voor zijn erfgoed strijden moest". 'n Besondere huldeblyk word deur die maandblad *Zuid-Afrika* tot die adres van die PUK gerig, wat aan Potchefstroom 'n reputasie gegee het wat oor heel Suid-Afrika en ook in Nederland bekend is. Met sinspeling op die bekende en unieke PUK embleem word opgemerk dat Potchefstroom oor honderd jaar manne opgelewer het "die hun licht op den kandelaar wilden zetten, opdat het zou kunnen schijnen over de wijde velden van Zuid-Afrika. Moge dat zoo blijven." [17]

#### 5.1.2.2 Die armblankevraagstuk

Reeds in 1924 het die jong dosent in Geskiedenis, AJH van der Walt, hom bekommer oor die lot van die armblanke Afrikaners, [18] 'n saak wat pas die vorige jaar skerp in die kollig gekom het, onder meer op 'n groot kerklike kongres in Bloemfontein. Vertoë wat van hier uitgegaan het, het 'n simpatieke oor by die nuwe regering van genl Hertzog gevind en tot bepaalde maatreëls ter opheffing van verstedelike Afrikaners gelei het. [19]

Net soos die kleur- of naturellevraagstuk **(hoofstuk 4.4)**, was die armblankevraagstuk baie sterk op die voorgrond gedurende die dertigerjare en wel vanweë die depressie, droogtes en onstabiele ekonomiese omstandighede voortspruitend uit die goudstandaardkwessie van die tyd. Hierdie probleem is baie pertinent behandel in die vyfdelige verslag van die Carnegie-kommissie wat in 1932 die lig gesien het en is deur die kommissie geïdentifiseer as grotendeels van toepassing op Afrikaanssprekendes. [20] Die Carnegie-verslag sou grotendeels as basis dien vir die ekonomiese opheffing en selfstandigwording van die Afrikaner. [21]

In die najaar van 1934 is, as uitvloeisel van die Carnegie-verslag en op inisiatief van die NG Kerk, 'n groot volkskongres insake die armblankevraagstuk te Kimberley gereël en het die PUK ook sy verteenwoordigers soontoe gestuur, [22] met voorstel dat die PUK sy invloed gebruik "om die permanente kommissie om te skep tot 'n donateursinstelling soos die Instituut vir Rasseverhoudings". [23] Die inspirasie hieragter was maar weer LJ du Plessis. By bespreking van sy voorgenoemde voorstel is verder besluit dat by die sekretaris van die Voortsettingskomtee navraag gedoen sou word in verband met verteenwoordiging op die kommissie teen betaling van 'n jaarlikse bedrag. [24]

Prof JC van Rooy het PUK in Kimberley verteenwoordig en op 28 November aan die Raad teruggerapporteer. [25] J Chr Coetzee, wat ook die konferensie of kongres bygewoon het, het in *Koers* rapport gelewer oor die gebeure te Kimberley, " 'n aaklige plek van samekoms oor 'n toekomsduistere saak". [26]

In sy gereelde *Koers*-rubriek, "Die loop van dinge" in Oktober 1934, verwys LJ du Plessis na die onlangse kongresse "tot godsdienstig-kulturele en ekonomiese konsolidasie van die Afrikanerdom", waaronder ook die Kimberley-byeenkoms. Hierdie byeenkomste, sê hy, verdien volle aandag en steun "en ons ideaal behoort te wees naas 'n bevredigende politieke organisasie ook te verkry doeltreffende Afrikaanse ekonomiese, kulturele en godsdienstige organisasies wat hulle moet beweeg op maatskaplike terrein sonder oortreding op party-politieke of kerklike gebied". [27]

In die beraadslaginge en besluitneminge rondom die hantering van die armblankevraagstuk as sodanig het die PUK nie juis enige inspraak gehad nie. Dit was 'n aksie wat veral deur die NG-Kerk en die Universiteit van Stellenbosch gedryf is. In die maatreëls en middele vir die bekamping daarvan, soos sou blyk uit die verrigtinge tydens die Ekonomiese Volkskongres van 1939 en die stappe wat daarna geneem is, sou die PUK wel betekenisvolle insette lewer. **(kyk afdeling 5.1.2.5)**

Geleenthede om volle gewig by Afrikaneraksies in te gooi sou hulle spoedig voordoen.

#### 5.1.2.3 Voortrekkereeufees

1938 was Eeufeesjaar, die herdenking van die Groot Trek wat met die slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838 as 't ware verseël is, sy doelwit bereik het.

Die simboliese Ossewatrek en die landswye herdenkingsfeeste wat 'n hoogtepunt bereik het met die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument op 'n koppie net buite Pretoria, was 'n emosionele belewenis ongekend in die geskiedenis van die Afrikaner en het Afrikanernasionalisme laat opvlam soos nooit tevore nie. Ook Potchefstroom en die PUK sou deel in hierdie verrigtinge, die bruisende opwelling van Afrikaner nasionalisme aan eie lyf ervaar.

Reeds in 1936, in 'n spesiale uitgawe van *Die Besembos*, ter gedagtenis aan die begin van die Groot Trek 'n eeu tevore, het rektor Postma dit goed gevind om 'n toekomsvoorspelling vir die PUK te waag op grond van die hede en die verlede.

Hy wys weer op die beginsel "dat die Woord van God ook op die terrein van die wetenskap die ligbron

behoort te wees" en tweedens "die erkenning van die eiesoortigheid in die Afrikaanse volksbestaan m.a.w. die P.U.K. vir C.H.O. **wil wees uit die volk vir die volk**". Ten opsigte van albei sake moet daar nie net bestryding wees van die verkeerde leerstellinge of dit wat die eiesoortigheid bedreig nie, maar ook die opbou van 'n Christelike wetenskap in al sy vertakkinge en "daarstelling van riglinies in die gesonde ontplooiing en ontwikkeling in die volkslewe".

Postma toon dan aan dat die PUK op hierdie selfde twee beginsels, wat die dryfkrag van die Afrikaanse volk was, in die verlede voortgebou het: "Die P.U.K. staan kragtens sy verlede en hede geplant in die godsdienstige Afrikaanse nasionale volkslewe ... hoe meer daar nasiebewussyn kom, hoe voller en ryker die ontplooiing is van nasielewe, des te ryker kan ook die ontplooiing wees van die P.U.K. omdat hy uit en vir die volk wil wees ... Daar is 'n toekoms, 'n mooi toekoms vir die Afrikaanse volk en vir die P.U.K. vir C.H.O." [28]

PUK-betrokkenheid by die herdenkingsfeeste in 1938, vir die Groot Trek en die Voortrekkers, strek oor drie geleenthede. Eerstens is daar deelgeneem aan die fees te Potchefstroom self, in die tweede plek het die PUK se eie voortrekkerwa 'n amperse hoofrol gespeel by die verrigtinge te Bloedrivier en derdens was daar dan die hooffees te Monumentkoppie, rondom 16 Desember 1938.

In 'n herdenkingsartikel in *Die Veteraan*, onder die opskrif "Trek", het rektor Ferdinand Postma die simboliese ossewatrek behandel en die kakebeenwa as egte monument vir die Voortrekkers bestempel, aangetoon hoedat die groot hart van die Afrikanervolk tot in sy diepste diepte geroer is en ontwaak het. Ook Potchefstroom en die PUK word betrek: "Op 9 November sal daardie unieke simbool van vryheid en selfstandigheid sy triomftog hou in die ou hoofstad van Transvaal, **Potchefstroom**, dorp van Andries Potgieter, die Voortrekker by uitnemendheid … Vanuit die gronde van die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys sal deur die hoofstraat van Potchefstroom onder die Transvaalse en Vrystaatse vlae en die sing van die twee volksliedere 'n **Bloedrivier-kakebeenwaentjie** die agter agterkleinkind van die Suide tegemoet gaan."

Die slotwoord van dié Bloedrivierwa aan sy 1938-eweknie, in 'n simboliese vertelling oor die verlede, was: "Ek is getuie van Gods reddende hand wat op ons pad **oorwinning** geskryf het. My trek is verby – jou trek lê voor. Trek voort op die pad van Suid-Afrika …"

En dan praat Postma weer: "Dis die sprake van die Bloedrivierwa. Eiendom van die P.U.K. vir C.H.O. moet sy sprake altyddeur professore, dosente, oud-studente en studente inspireer. Om wat te doen? Om die voortrekker-verlede te onthou, die voortrekkerbeginsels suiwer te bewaar en uit te bou, en op die voortrekkerpad van Suid-Afrika moedig met volharding en geloof voort te trek onder die spreuk: **In U Lig.**" [30]

Tydens die besoek van die simboliekvolle trekwaens aan Potchefstroom, op 9 November 1938, het Postma in naam van die Bloedrivierwa die besoekende waens verwelkom en by dié geleentheid die oorspronklike handgeskrewe stuk, "Die Trek van Boerewaens", wat spesiaal vir die herdenking van die Groot Trek deur Totius gedig is, namens die PUK en die Teologiese Skool aan die trekwaens oorhandig. Hierdie gedig het vir die eerste keer in die tydskrif *Koers* verskyn, in April 1937, en die opbrengs daarvan is aan die Voortrekker-monumentfonds toegesê. [31]

Die ossewaens is met uitbundige geesdrif deur duisende mense in Potchefstroom verwelkom en Totius kon die versugting nie weerhou nie: "Dit is weer die moeite werd om Afrikaner te wees. Ons nageslag sal eenmaal wens dat hul ore kon hoor wat ons hoor en dat hul oë kon sien wat ons sien." Dis nie 'n fees nie, sê hy in vervoering, "maar 'n herlewing … Die vinger van God, wat so onmiskenbaar in ons geskiedenis geskrywe het, skrywe weer." Joon van Rooy was ook diep beïndruk: "Daardie magtige stem wat van die Voortrekkerwaens uitgegaan het, het die diepste snare in die hart van elke Afrikaner laat tril." [32]

As deel van die feesverrigtinge is 'n krans gelê op die graf van prof Jan Lion Cachet as baanbreker vir die Afrikaanse taal. PUK-studente het met hul wa die konsentrasiekampkerkhof binnegetrek en 'n gedenklied gesing, terwyl Totius hulde gebring het aan die gesneuwelde kinders. Geskiedenisprofessor AJH van der Walt het die feesrede gelewer, met die boodskap dat die geestelik-verskeurde, verarmde en verdeelde volk teruggevoer moet word na "die erwe van die vadere". Aan die einde van die verrigtinge is 'n voorstel van prof FJ Labuschagne aanvaar, naamlik dat Langenhoven se "Die Stem van Suid-Afrika" as volkslied erken sal word. [33]

Hierdie voorstel was in lyn met die groeiende behoefte in Afrikanerkringe om hierdie gewilde lied tot enigste amptelike volkslied te verhef, nadat dit vanaf Februarie 1938 op gesag van premier Hertzog naas "God Save the King" by amptelike geleenthede gespeel is. Die Britse volkslied was vir die warmbloed-Afrikaners soos Labuschagne en beslis baie ander Pukke 'n wanklank en 'n steen des aanstoots.

Tydens die besoek van die ossewaens aan Potchefstroom is ook weer hulde gebring aan die vyf studente wat tydens die Anglo-Boereoorlog hul lewens verloor het. Prof Postma het die gees en sentimente




**5.1.5**

**Die Bloedrivierwa met prof Postma en sy vrou in die wa-tent op die kerkplein van die Hervormde Kerk.**




**5.1.6**

**Die wa maak 'n draai op die PUK.**



**5.1.7**

**Die wa sonder tent. Dit is tans in die Potchefstroom Museum, maar het op sy dag selfs 'n draai in Londen gaan maak.**

***Die PUK se Bloedrivierwa se geskiedenis is tydens die eeufees deur Postma oorgedra:***

***Die wa se eienaar, Piet Swarts, het die Groot Trek meegemaak en was, volgens oorlewering, deel van die slag van Bloedrivier. Na die anneksasie van Natal is Swarts weer terug Kaapkolonie toe. Na sy dood het sy vrou en kinders na Makwassie in Wes-Transvaal verhuis. Later die eiendom van seun Piet Swarts, bevind die wa hom tydens die Anglo-Boereoorlog in die konsentrasiekamp te Potchefstroom. Na die dood van Swarts het die wa in die vroeë twintigerjare in besit gekom van die PUK, wat dit in 1924 aan die regering geleen het vir die Rykstentoonstellings te Wembley, Londen en te Johannesburg.*** [29]

van 32 jaar tevore, by die onthulling van die Gloria Victis-monument, in herinnering geroep, en gewaarsku en herbeklemtoon dat die verdere geskiedenis van die Afrikanervolk nie daardie monumente tot instrumente van spot en hoon moet omskep nie. [34]


Verskeie PUK-personeellede het die stem van Potchefstroom laat hoor tydens hierdie ongeëwenaarde monstering van Afrikanernasionalisme. Prof AJH van der Walt was sterk in aanvraag en het in die PUK-hinterland, Noord-Kaap, kranse gelê op die grafte van gesneuwelde PUK-studente Calman Cachet en Jan Kruger, waarna hy op 10 Oktober die feesrede op Paul Kruger se geboorteplaas Bulhoek gelewer het. Hy het ook te Vredefort en Ventersdorp opgetree. [35]

Prof LJ du Plessis het te Lydenburg telkens "luide byvalsbetuigings" ontlok met sy positiewe behandeling




*5.1.8*

***Die Bloedrivierwa by die Bloedrivierfees. Foto's uit die Postma-album.***



Die Trek van Boerewaens.

Die karavaan kamele
wat swaar die laste dra
van wie in slingerlyne
voortwentel deur woestyne,
tot hul in blye ekstase
hervind die prag-oase; –
waar hul op kleur'ge matte
die Oosters-fyne skatte
en handelswaar (hoe skoon!)
aan glansende oë toon –
dié karavaan kamele
wat swaar die laste dra,
was nie die nagverdrywers
van jou, Noord-Afrika!

Dié karavaan van lopers
wat swaar die laste dra
van wie langs oerwoud wandel,
waar hul, al haas verlore,
die kosbare tresore
vir ware in ruilkoop handel:
die spoelgoud uit die strome,
die sierhout uit die bome,
ivoor en edelsteen
– dan trek hul glings heen –,
dié karavaan van lopers
wat swaar die laste dra,
was nie jou nagverdrywers,
o Binne-Afrika!

Beskawings wat geblink het,
deur hul, dié karavane,
hier moeisaam ingedra –
dis glanse wat versink het,
soos klatergoud verblink het;
en't was geen môrestrale
vir jou, o Afrika!

Die trek van Boerewaens
wat wentel deur die wye,
gevreesde doodsvalleie
en ánder skatte dra:

die heil'ge Boek as Leider,
die swaard as hul bevryder;
in wildheid eindeloos
'n moeder met haar kroos;
die skat van hoë sede;
taaiheid in teënhede;
hoog-voor die vryheidshoop,
en ... Afrika gaan oop –
dié trek van Boerewaens,
húl was die nagverdrywers
van jou, groot Afrika!

Juig dan, o binnelande,
wat nog die tekens dra
van bloedtonele en brande!
Juig, strande vergeleë,
waar nog die kruise staan
van wonst'laars op die seë!
Juig, hooglande in die hoogte,
woestyne kaal van droogte!
En laaglande aan die see –
juig in die vreugde mee!
Oerwoud, grasveld en strome,
ontwaak uit nare drome!
Die eeue is omgewend,
oop gaan 'n kontinent
voor hóm, die nagverdrywer,
wat intrek met sy wa –
DIE BOER VAN AFRIKA!

Totius.

***5.1.9***

***"DIE TREK VAN BOEREWAENS". Geraamde eksemplare van hierdie gedig, waarin die vermaarde volksdigter Totius met vaardige pen die epiese rol van die Boer en sy ossewa in die binneland van Afrika onder woord gebring het, is ook tydens die feeste te Bloedrivier en Pretoria oorhandig en is wyd versprei.***

van die vraag of daar in die hedendaagse Suid-Afrika nog plek is vir die Voortrekkerideale, "naamlik om op die Afrikaanse hoogland die Christelike beskawing te vestig volgens suiwer Afrikaanse styl in 'n eie republikeinse staatsverband met voogdy oor die gekleurde bevolking sonder gelykstelling".[36] Te Ottoshoop in Wes-Transvaal bring hy weer die boodskap van 'n tweede Groot Trek, die trek van die Afrikaner na die stede, met die missie om die handel te verower.[37]

Die rustige, gemoedelike kultuurleier, prof JC (Joon) van Rooy, was ook 'n gewilde spreker, met optredes te Ventersburg, Pietersburg en Lichtenburg. Onder andere het hy baie klem gelê op die vryheidstrewe van die Voortrekkers maar ook op hul godsdienssin, sedelikheid, taalhandhawing en ekonomiese onafhanklikheid. Wat eersgenoemde betref, was sy boodskap dat dit net so onchristelik is om 'n nasie te onderdruk as om dit aan 'n mens te doen.[38]

By een van die hooffokuspunte van die Voortrekkereeufees, Bloedrivier, het 'n skare van ongeveer 15 000 mense byeengekom en het dr DF Malan die Afrikaner se trek vanaf die platteland na die stede bestempel as die "Nuwe Groot Trek". Prof Postma met die PUK se Bloedrivierwa het sterk gefigureer en het hy ook 'n geraamde kopie van Totius se gedig oorhandig. In die gepaardgaande toespraak, wat denkbeeldig deur die PUK-Bloedrivierwa gelewer is ten tye van die aankoms van die ossewaens aldaar, het hy 'n lig voor in die wapad gesien, die Afrikaner opgeroep om saam met hom die tweede Groot Trek op die pad van Suid-Afrika te betree … "en mag God se vriendelike aangesig die trekpad verlig oor hoogtes en dieptes na vryheid en volkome onafhanklikheid".[39]

Ander PUK-personeellede wat as sprekers by byeenkomste gefigureer het, was proff FJ Labuschagne, HG Stoker, G Dekker, DJ van Rooy, CJH de Wet en dr DW Krüger.[40] Een en almal het dieselfde taal gepraat en die heldhaftigheid, deursettingsvermoë, standvastigheid en godsdienssin van die Voortrekkers geloof en ter voorbeeld voorgehou.


In sy jaarlikse oorsig het Postma die hoop uitgespreek dat die simboliese Ossewatrek besielend sal wees vir die PUK "wat poog met die hulp van God om daardie selfde ideale na te streef in woord en daad. Dis ook die pad vir die P.U.K.; op dié pad sal die P.U.K. tot seën vir land en volk wees. Hierom: voorwaarts in die naam van God op die "Pad van Suid-Afrika."[41]

Ook vanuit studentegeledere is, in 'n redaksionele artikel in *Die Besembos*, hulde en eer betoon aan die Voortrekkers, as "die onmisbare grondlaag vir die bou van 'n nasie" wat "die eerste groot offerande op die altaar van nasionalisme gelê het". Nee, meer nog: "Die vryheidsdrang wat hulle almal met mekaar gemeen



***5.1.10***

***Tydens die Voortrekker-Eeufees in 1938 is kranse ook gelê by die Gloria Victis gedenkteken vir studente wat in die Anglo-Boereoorlog gesneuwel het.***



***5.1.11***

***Reëlingskommitee van die Potchefstroom Voortrekker-Eeufees 1938. Behalwe die PUK-dosente wat as inlasse verskyn, kan ook proff HG Schulze en DJ van Rooy op hierdie foto-oordruk onderskei word.***

gehad het, het hulle aangevuur tot hierdie groot vryheidsdaad – die grootste vrywillige volksverhuising van die moderne tyd". En dan was daar die beslissende uitslag van Bloedrivier: "Die vlag van die Christelike blanke beskawing het oor die binnelande van Suid-Afrika opgegaan, waar dit vandag, byna honderd jaar later, nog wapper." [42]

Die studentedeelname aan die feestelikhede van 1938 was hoofsaaklik in die hande van die plaaslike tak van die ANS. Ten aanvang het geskiedenisprofessor AJH van der Walt hulle toegespreek oor "die regstitel van die Voortrekkers op die gronde waarop later die Boere-republieke verrys het", terwyl hulle ook 'n aandeel gehad het in die naamsverandering van King Edwardstraat na Kerkstraat, welke plegtigheid tydens die besoek van die ossewaens aan Potchefstroom plaasgevind het. Ongeveer 30 studente sou per

ossewaens na Pretoria reis, vir bywoning van 'n groot ANS-kamp aldaar. Ten opsigte van die Potchefstroomse feesvieringe is etlike komitees aangewys en word druk aan liedere geoefen. Heelwat lede beskik ook reeds oor Voortrekker uitrustings "en die mans wedywer in die laat-groei van baarde!" [43]

### 5.1.2.4 Taal en kultuur, veertigerjare

Ten spyte van die spanningstoestande wat deur Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog geskep is en veral die sensitiewe verhoudinge tussen Engels- en Afrikaanssprekendes, sou die Afrikaanse karakter van die PUK gedurende die dekade veertig beslis nie onder 'n maatemmer verberg word nie.

Op die vooraand van die soldate-aanval op die PUK in Augustus 1940 spreek anti-Britsheid duidelik uit die proteste in studentegeledere oor die regering se proklamasie van 5 Augustus, die Britse koning se verjaardag, as 'n openbare vakansiedag. Hulle het geen belang daarby nie en wil dit ook nie vier nie. Nee, hulle sou veel eerder 10 Oktober, die geboortedag van president Paul Kruger, as vakansiedag wou hê. [44] Inderdaad het die Raad in Augustus 1940 besluit dat 10 Oktober vir die Universiteit 'n vakansiedag sou wees. [45]

Dit is interessant dat die Afrikaner Broederbond kort hierna, in Oktober 1940, 'n resolusie in hierdie verband ter tafel gehad het. [46] Die uitvoerende raad van hierdie geheime elite-beweging het hom in 1944 vereenselwig met die standpunt van voorsitter prof JC van Rooy, dat die benaming "Krugerdag" bó "Heldedag" vir hierdie herdenkingsdag verkies moes word. [47] En op een van sy rondreise om geld vir die PUK in te samel, laat weet registrateur Vaatjie du Toit op 18 Oktober 1940 dat duisende mense op De Aar 'n besluit geneem het dat 10 Oktober 'n openbare vakansiedag moet word. [48]

In 1944 sou rektor Ferdinand Postma ook sy piëteit jeens hierdie Afrikanervolksheld betoon en wel met 'n huldigingsgeskrif getiteld *Paul Kruger die Christen-volksman en -staatsman*. Hierdie boekie, oftewel brosjure, soos daarna verwys word (dit beslaan 121 bladsye), het deel gevorm van "Die Ossewareeks", uitgegee onder vaandel van die Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings in Suid-Afrika (FCSV). Dit is nie bedoel as 'n wetenskaplike studie nie, sê Postma in sy voorwoord, maar as volksliteratuur, 'n werk wat laat verstaan en begryp, wat inspireer en besiel (p 3). Dis ook nie menslike verafgoding of vergoddeliking nie, stel hy gerus, maar hy waarsku: groot manne is geskenke wat die Here aan 'n volk gee en as sulke manne nie geëer word nie, word ondankbaarheid jeens God getoon (p 4).

Die Kruger-verering sou ook teen die einde van die dekade, op die drumpel van selfstandigwording, sterk deurskemer in 'n voorstel dat die universiteit die naam van die ou patriarg sou dra – na analogie van die soortgelyke verering van Kruger se aartsvyand Cecil John Rhodes te Grahamstad.


Hierdie voorstel van dosent WN Coetzee, asook 'n versoek van die Studenteraad [49] om 'n standbeeld van die president by die fonteintjie voor die hoofgebou op te rig (waarskynlik in navolging van die staanmaak van pres. Steyn se beeld op die kampus van UKOVS), het nie aanklank gevind by die komitee wat met selfstandigwording belas was nie. [50] Die PUK het wel simpatiek gestaan teenoor en sy ondersteuning gegee aan planne vir die aankoop van die Kruger-sterfhuis in Switserland. [51]

Die PUK het ook die naam van die ander republikeinse president, Marthinus Theunis Steyn, hoog geag. So maak die Raad geredelik 'n skenking aan die FAK ter huldiging van die ou volksmoeder, mevrou Steyn, [52] terwyl prof Joon van Rooy, natuurlik in sy kapisiteit as voorsitter van die AB en as FAK-man, aan die spits gestaan het van die huldigingsfees wat vroeg in Oktober 1948 ter ere van haar in die Bloemfonteinse stadsaal gehou is. Vir mev Steyn was dit 'n "onvergeetlike gebeurtenis" en sy het dank betuig die simpatieke wyse waarop Van Rooy die verrigtinge in die stadsaal gelei het; ook vir die tjek van £1 000 "wat nou sal kan gebruik word om die Vroue-monument goed in stand te hou". [53]

As nadraai van die emosionele en kleurryke herdenking van die Groot Trek (die Voortrekkereeufees) van 1938 het die ATKV in 1943 die AH Potgieterwa vir veilige bewaring aan die PUK toevertrou [54] en het die hoofbestuur van hierdie liggaam 'n leningsbeurs aan die toekenning gekoppel. Hiervolgens sou £75 jaarliks aan kinders van ATKV-lede of spoorwegwerkers toegeken kon word. [55] In 1943 het die ATKV amptelik sy waardering betuig vir "die Christelik-nasionale karakter en gees van die opleiding wat aan die P.U.K. verskaf word". [56] Daar is besluit om 'n baksteengeboutjie op te rig vir die huisvesting van hierdie nuwe aanwins sowel as "ons kakebeen-waentjie", die sogenaamde Bloedrivier-wa. [57]

Die rysige, statige mnr Charlie Olen, wat vanaf die vroeë twintigerjare lief en leed met die PUK gedeel het [58] het die Afrikanerharte op die Bult warm laat klop met 'n aantal portrette wat hy van tyd tot tyd aan die PUK geskenk het: die AH Potgieterwa, genl CR de Wet wat die Potchefstromers toespreek tydens die Anglo-Boereoorlog en die Long Tom-kanon wat in dié oorlog gebruik is. [59]

In 1942 het die Raad die skildery "Blouwkransmoord"



*5.1.13*

***WN Coetzee … Het voorgestel dat die PUK as die Paul Kruger-Universiteit bekend sal staan. Studente wou die patriarg se standbeeld voor die hoofgebou staanmaak.***

van die Afrikaanse skilder WH Coetzer vir 'n bedrag van £150 aangekoop. Die inisiatief hiertoe het aanvanklik uitgegaan van die Re-Unie van Oud-Studente, maar hulle kon nie die bewys vir 'n voorskot wat die Raad wou gee, onderteken kry nie.[60]

Te midde van die oorlogstydse politieke woelinge in Afrikanergeledere is dit die kamma-republiek van die ANS wat op Empire-dag, 24 Mei 1944, hul eie byeenkoms hou, met gewigtige toesprake vanaf die balkon van een van die losieshuise. Vir hierdie Afrikaner-georiënteerde studentevereniging is Empire-dag "nie 'n dag van vakansie en plesier nie, maar 'n roudag".[61]

Die "viering" van "Empire-dag" was 'n jaarlikse ritueel. In 1946 het prof DW Krüger die studente toegespreek oor die Boeregeneraal van 1899-1902, genl JC Smuts. Die studente moes beslis waardevolle pitkos gekry het, uit die mond van so 'n deeglike en besielde historikus. Die kriptiese kommentaar van die studenteblad sê alles: "Maar daardie Smuts is dood." Korps en die ASB het hierna hul gepaardgaande jaarlikse goeie daad gaan verrig, deur naamlik die konsentrasiekampkerkhof te Vyfhoek te gaan skoffel.[62]

Tydens die volgende gradeplegtigheid van 1946 is dit UKOVS-rektor H van der Merwe Scholtz wat die PUK-gehoor inspireer met die tema "Taalstudie en Taalonderwys in ons skole en universiteite". In sy jaarverslag verwys Postma na baie belangrike aspekte van die taalkwessie wat deur Scholtz aangeraak is.[63]

Ter herdenking van die stigting van die Genootskap vir Regte Afrikaners (GRA) 75 jaar tevore, bring prof S du Toit in 1950 hulde aan die manne wat gestaan het vir "ons taal, ons nasie en ons land". Hy skets die ontwikkelingspad van die Afrikaner en kom tot die gevolgtrekking: "Die Afrikanervolk het sy plek ingeneem in die ry van volkere. Hy weet dat Suid-Afrika sy enigste vaderland is en hy wil hierdie tuiste behou vir sy nageslag wat na sy diepste oortuiging blank moet bly …" Hy beklemtoon die Christelike grondslag waarop die GRA 'n volk wou bou, as voorwaarde vir die behoud van volksidentiteit, en sluit dan af: "Mag ons in hierdie feesdae weer regte Afrikaners wees, Afrikaners met Afrikaanse harte, met harte wat verenig is tot die Vrese van Gods Naam. Dan – met ons land, en met ons nasie sal dit wel wees! Ook al breek die magte van die Kommunisme los, ook al word Afrika die mikpunt van hierdie goddelose aggressie!"[64]

Ander uitinge en handelinge wat die Afrikaanse karakter van die PUK in die veertigerjare onomwonde onderstreep is onder andere

- die aanwys van prof G Dekker as PUK-verteenwoordiger op die Taalmonumentkomitee;[65]
- die betuiging van leedwese met die dood van beeldhouer Anton van Wouw;[66]
- finansiële ondersteuning van die Sarel Cilliers-standbeeldfonds;[67]
- Prof JC van Rooy, wat saam met twee predikante van die NG en Hervormde Kerke die diens gelei het tydens die opening van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1949.

Met sulke uitsprake uit die monde van personeel, met optredes en handelinge soos in die voorafgaande gedeelte opgehaal – kan daar enige twyfel bestaan oor hierdie been van die PUK se karakter?

En tog, ten spyte van die feit dat hy deur sy oorlogsbeleid baie Afrikaners, ongetwyfeld ook diesulkes aan die PUK, teen hom die harnas ingejaag het, word daar einde September 1950 'n mosie van innige deelname en roubeklag in die afsterwe van genl JC Smuts deur die Raad van die PUK aanvaar, en 'n brief van medelye aan die naasbestaandes gerig.[68]

Grootmoedigheid kos niks nie – in hierdie geval hoogstens 'n posseël.

### 5.1.2.5 Ekonomiese volkskongres en daarna

PUK-dosente het 'n groot rol gespeel in die pogings tot ekonomiese opheffing van die Afrikaner tydens die oorlogsjare en daarna. Tydens die (Eerste) Ekonomiese Volkskongres wat in Oktober 1939 te Bloemfontein gehou is en waar "die grondplan van die Afrikaner se toekomstige ekonomiese bouwerk" geteken is, was prof JD du Toit een van 10 erevoorsitters.[69] Op sy beurt het prof LJ du Plessis as voorsitter van die kongreskomitee opgetree en was prof JC van Rooy ook lid van hierdie komitee. Du Plessis het ook 'n referaat, "Die doel van ons ekonomiese strewe", gelewer en onder andere gepleit vir 'n "ekonomiese volksbeweging" waaraan "die ryk geskakeerde Afrikanerdom oor die hele Suid-Afrika" sou deelneem.[70]

Verder: "Die doel van ons ekonomiese strewe is dus nasionaal, ja selfs Christelik-nasionaal ... Ons wil as

georganiseerde Afrikanerdom bewus deelneem in die ekonomiese ontwikkeling van ons land ... veral om ons volk tot welvaart te herstel en hom so te bekwaam om sy God-gegewe roeping te vervul." [71]

Prof du Plessis het hoë aansien in Afrikanerkringe geniet en is ook aangestel as voorsitter van die voortvloeiende Ekonomiese Instituut, wat die ekonomiese rehabilitasie van die Afrikaner moes bewerkstellig. Met die stigting van die Afrikaanse Handelsinstituut in Augustus 1942 te Bloemfontein het Du Plessis, as voorsitter van die FAK en van die Ekonomiese Instituut, die tema "Volksdiens deur die Sakelewe" in 'n referaat behandel. [72]


As uitvloeisel van die Ekonomiese Volkskongres van 1939 het die Reddingsdaadbond, in opvolging van dr JD (Vader) Kestell se herhaalde oproepe tot 'n reddingsdaad wat die ekonomiese opheffing van die Afrikaner ten doel sou hê, sy beslag gekry. Prof DJ van Rooy van die PUK is as lid van die bestuur aangewys.[73]

'n Verdere uiting van Afrikanerskap was dat die Raad in 1946 gespeel het met die gedagte om die PUK se bankrekenings na die opkomende Afrikaanse bankreus Volkskas toe oor te plaas, "aangesien dit 'n suiwer Afrikaanse onderneming is". Na deeglike ondersoek vanuit die registrateur se kantoor en nadat mnr du Toit, die registrateur, die saak persoonlik toegelig het, is na grondige bespreking besluit om die rekenings voorlopig by Standard Bank te laat. Die saak sou later weer oorweeg kon word. [74]

Ten tye van die Tweede Ekonomiese Volkskongres, in Oktober 1950 en weer te Bloemfontein, het Du Plessis (nou egter nie meer in diens van die PUK nie) en prof JC van Rooy as twee van die vier voorsitters by die byeenkoms opgetree. [75]


In die "Toekomsblik" wat Du Plessis aan kongresgangers voorgehou het, was sy boodskap dat brûe geslaan moes word na ander bevolkingsgroepe. En het hy gepleit vir verruiming van Afrikanerskap: "My lyk dit asof die Afrikanerdom hom alleen kan versterk deur tot sy geledere gulhartig toe te laat die wat begeer om daarby aan te sluit en wat ook prakties bewys gelewer het dat hulle die Afrikaner se aansprake op gelykgeregtiging [sic] erken." Hoewel dit nie eksplisiet so gesê is nie, kom dit voor asof Du Plessis in hierdie verband hoofsaaklik op die Engelstalige en ander blanke gemeenskappe gefokus het.

Hy sien verder ook 'n ekonomies-geïntegreerde Suid-Afrika, maar "met die voorbehoud dat die belange van die Afrikanerdom en die selfstandigheid van Suid-Afrika daardeur nie ondermyn word nie". Du Plessis verwys spesifiek en "in 'n heel ander sin" na die "heel besondere" posisie van "ons eie Bantoebevolking" en



***5.1.14***

***Ekonomiese Volkskongres, 1939, waar Afrikanerleiers op ekonomiese en kulturele gebied koppe bymekaargesit het oor die toekoms van die Afrikaner. Prof LJ du Plessis, wat 'n leidende rol gespeel het, sit voor in die middel langs dr N Diedericks. Regs voor sit dr SP van der Walt. Onder andere verskyn ook dr Piet Meyer (links voor), dr HF Verwoerd en dr MS (Tienie) Louw (derde en vierde van links, middel) en dr TE Dönges (tweede van regs, middel) op die foto.***



*5.1.15*

*LJ du Plessis ... bepleit reddingsdaadbewegings vir die Bantoe en Kleurlinge.*

bepleit alle moontlike steun vir reddingsdaadbewegings onder die Bantoe en die Kleurling. [76]

'n Dekade later, en met Du Plessis weer terug op die PUK en betrokke in vurige polemieke oor die toekoms van die land, sou hierdie sieninge van hom sterk in herinnering geroep word.

Oudstudent FJ du Toit, nou in die sleutelpos van sekretaris van Handel en Nywerheid, het in April 1945 tydens die jaarlikse gradedagseremonie as spreker die tema "Die taak van die Universiteit in ons tyd" behandel en veral klem gelê op die universiteit se taak om, naas kennisoordraging, ook nuwe kennis by te voeg, navorsing te doen. En hy maak sommer ook voorbrand vir 'n aanstaande besoek van sy vriend, dr Schönland, wat as eerste voorsitter van die Raad vir Wetenskaplike Nywerheidsnavorsing (die latere WNNR) aangewys is en binnekort 'n draai op die PUK-kampus sou kom maak. [77] Rektor Postma rapporteer só oor Du Toit se optrede: "Sy rede het groot byval gevind en professore sowel as studente saam met die gehoor laat voel dat in die opbouing van ons volk op ekonomiese gebied teorie en praktyk nie geskeie mag bly nie, maar hand aan hand moet saamgaan en mekaar beïnvloed." [78]

### 5.1.2.6 Johannes van der Walt

Soos reeds gesien, het 'n Johannes van der Walt-instituut vir Liggaamlike Opvoeding in Oktober 1949 sy beslag gekry, finansieel ondersteun deur 'n spesiale fonds wat na die dood van hierdie beroemde Afrikanerstoeiheld gestig is. Die bemaking van hierdie fondse aan die PUK het ten nouste in verband gestaan met die Christelike en Afrikaanse karakter van die PUK.


Van der Walt, aan wie oud-PUK-student en dosent J Albert Coetzee die titel "Volkskampioen" laat toekom het, het as stoeier in die middel- en laat dertigerjare nasionale en internasionale roem verwerf. Veral in Afrikanerkringe, wat aan die Witwatersrand maar ook op die platteland in 'n geweldige indentiteitstryd gewikkel was, het hy 'n sterk aanhang gehad. Sy kort maar onoorwonne loopbaan as "Die Gemaskerde Wonder" het verder tot sy gewildheid bygedra, soos ook sy skitterende vertonings op die mat teen onder meer destydse Griekse wêreldkampioen Jim Londos.

Saam met sy familie het Johannes ten volle met die Voortrekkereeufees geïdentifiseer en het hy hom kort hierna, na die uitbreek van die Tweede Wereldoorlog, in geselskap gevind van daardie Afrikaners wat gekant was teen oorlogsdeelname. Hy het sy gewig aanvanklik by die Ossewa-Brandwag ingegooi en is later, as rekruut van Robey Leibbrandt, by laasgenoemde se nasionaal-sosialistiese versetsbeweging teen die Smuts-regering in die maalkolk van die destydse Afrikanerpolitiek betrek.

In hegtenis geneem weens onwettige besit van 'n vuurwapen, het Van der Walt ontsnap en hom vir 'n tyd lank skuilgehou, voordat hy tydens 'n klopjag op sy skuilplek in die rug geskiet is. Na 'n kwaai lyding van 14 maande is hy oorlede, slegs 'n skaduwee van die eens forse en goedgeboude sportheld. Die traumatiese omstandighede waaronder hy dood is het die hartsnare van 'n groot deel van die Nasionaalgesinde Afrikanerdom diep geroer en sy reuse begrafnis in Westdene was niks minder nie as 'n monstering van Afrikanersentimente. Die begrafnis, vanuit die Gereformeerde Kerk in Melville, is gelei deur prof JC van Rooy van die PUK en op daardie stadium ook grootbaas van die Afrikaner Broederbond.

In November 1943 het dr HF Verwoerd, namens die trustees van die Johannes van der Walt-gedenkfonds, die PUK genader met 'n aanbod en 'n versoek: die beskikbaarstelling van £4 000 vir die oprigting van 'n instituut vir liggaamsopvoeding, "as lewendige gedenkteken … sy nagedagtenis ter ere", sodat 'n gesonde gees in 'n gesonde liggaam sy nalatenskap aan die jeug kon wees. Ter verdere motivering vir die skenking is gemeld dat Van der Walt by geleentheid 'n bedrag geld aan die PUK beloof het "en ook omdat hy as troue en belydende lid van die Gereformeerde Kerk spesiale belang moes gehad het by die Universitêre inrigting van daardie Kerk te Potchefstroom".







**5.1.16**

***Volkskampioen Johannes van der Walt ... 'n besondere verbintenis met die PUK.***

Die skenking was onderhewig aan sekere voorwaardes. Eerstens moes dit 'n Christelike karakter dra "en in ooreenstemming met die Christelike lewensbeskouing van die Afrikaanse volk" funksioneer. Ook sou die beoogde instituut volledig, in samestelling, inrigting, uitkyk en strewe Afrikaans moes wees. Die voertaal moes Afrikaans wees, so ook die dosente. En as doelstelling is gestel "om manne en vroue te help vorm in wie die edelste en verhewenste karaktertrekke van ons Boerevolk tot openbaring sal kom, getrou aan die Afrikaans tradisie en besiel met die hoogste Afrikaneraspirasies". Na aanvanklike probleme om regeringsondersteuning te verkry, is van die kant van die kuratore van die Teologiese Skool 'n skenking van £4 000 verkry en het die Johannes van der Walt-instituut gevolglik sy staan gekry op die pragtige Oude Molen-landgoed. [79]

## 5.1.3 Christelike karakter

### 5.1.3.1 Verteenwoordiging ander kerke?

Gesien teen die agtergrond van die plek en rol wat die Gereformeerde Kerk in die geskiedenis van die Teologiese Skool en later ook die PUK gespeel het, vind daar in die laat veertigerjare twee interessante verwikkelinge plaas.

Eerstens was daar in Mei 1946 'n versoek van die ring van die NG-kerk van Potchefstroom dat hulle meer direkte verteenwoordiging in die Raad van die PUK mag kry. Na bespreking deur die komitee vir Interne Beheer het kolonel Izak Meyer voorgestel dat die ring se aandag gevestig word op die betrokke artikel in die Private Wet van die PUK (artikel 7) waarvolgens lidmaatskap van die Raad verkry kon word.[80] Volgens hierdie artikel kon instansies wat minstens £1500 per jaar tot die fondse van die inrigting bydra, sitting in die hoogste bestuursliggaam verkry.

Die saak is skynbaar nie verder gevoer nie.

Ietwat vreemder was 'n versoek van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, wat gevra het dat aantekeninge gemaak sal word van die kerkverband van studente. Die doel hiermee word nie gemeld nie.[81]

### 5.1.3.2 Geloofsleerklasse

In die opleidingsprogram van studente was dit veral die "vrywillige" Christelike Geloofsleerkursus wat toegespits was op die handhawing en uitbou van die Christelike karakter van die Inrigting. In hierdie kursus, wat een klas per week behels het, is onder meer die leer aangaande die Heilige Skrif, aangaande God, Christus en die Heilige Gees, die Skepping en die Voleinding behandel. Daar is nie eksamen oor geskryf nie en dit het ook nie deel uitgemaak van 'n graadkursus nie. Sertifikate vir getroue bywoning van voorlesings is aan die einde van elke jaar toegeken.[82]

Die instelling van hierdie kursus dateer so ver terug as 1924, toe dit as "spesiale lesinge" wat oor wysgerige vraagstukke van aktuele belang handel, deur prof JD du Toit aangebied is. In 1939 het die twee dosente wat op daardie stadium daarmee gemoeid was, proff JD du Toit en HG Stoker, hul teleurstelling uitgespreek oor die swak bywoning van die kursus, wat saam met 'n algemene inleiding tot die Wysbegeerte aangebied is. Na diepgaande bespreking is die twee kursusse van mekaar geskei, is die naam verander na Christelike Geloofsleer en het dit 'n driejarige kursus geword. Diplomas sou vir 60% bywoning uitgereik word. Aangebied op tye wat daar nie ander klasse was nie, is daar "dan ook beslis [verwag] dat **alle** studente die geloofsleerklas getrou sal bywoon".[83]

Vanaf 1941 word verwysings na hierdie "leersame en interessante lesings", deur prof JD du Toit aangebied, 'n staande item in die rektor se jaarlikse verslag aan die Raad en Senaat. Die lesings is deur Postma bestempel as "noodsaaklike werk van opvoeding aan 'n Christelike inrigting ... Groot vraagstukke van die lewe in al sy vertakkinge word toegelig en besien by die lig van God se Woord." En die belangstelling van personeel en studente is groot.[84]

Personeel is aangemoedig om ook hierdie klasse by te woon terwyl die Stafklub die oprigting van kleiner klubs, vir prinsipiële samesprekings oor vakprobleme moes ondersoek. Dit skyn asof 'n gepaardgaande aanbeveling van prof S (Fanus) du Toit, vir die opstel van 'n handleiding in verband met die standpunt, doel en strewe van die PUK, nie van die grond gekom het nie.[85]

Prof du Toit (Totius) het die lesings weer in 1945 aangebied, waarna swak gesondheid hom verhinder het om daarmee vol te hou. Vanaf 1942 tot 1944 hanteer prof S du Toit, Totius-seun, die kursus en beklemtoon hy onder andere "die Woord as ligbron ook by die Volkegeskiedenis". Hy bring ook die gedagte tuis dat die Bybel "nie maar net 'n boek is vir die huisgesin en die kerk nie, maar 'n ereplek in die universiteite behoort in te neem".[86]

Behalwe die twee Du Toits, het ds JV Coetzee en proff JP Jooste, WJ Snyman en PJS de Klerk in die ander jare die lesings waargeneem. Proff Dirk van Rooy en JS van der Merwe en later ook mnr JS du Plessis het die organisasie van die kursus behartig.

In sy 1945-verslag meld Postma dat Totius hom onder "besonder moeilike omstandighede" bereid verklaar het om weekliks die groot aantal mense toe te spreek en voor te lig en was dit sy bede dat dit die PUK nog lank gegun sou word. Dinge sou egter anders uitwerk want "ernstige krankheid" het meegebring dat Du Toit hom permanent hiervan moes onttrek.[87]

In die 1946 uitgawe van *Die Besembos* word verwys na "onbeteuelde uitspattery, oormatige gelawaaiery en 'n algemene optrede wat ons nie meer by studente aan 'n universiteit sou verwag nie". As gedeeltelike oplossing word aan die hand gedoen dat elke student minstens een kursus in Wysbegeerte moet bywoon: "Dit sal hulle 'n breër insig in hul vak of vakke gee en meteen liggewend wees vir die vorming en bepaling van 'n eie lewens- en wêreldbeskouing. Dan sal ons ook meer geheel mense kan wees, met koers- en karaktervastheid. Die algemene onderrig in die Christelike Geloofsleer moet in hierdie boog van die Christelike Universiteit sowel die fondament as die sluitsteen wees."[88]

Tot en met 1947 was daar inderdaad groot tevredenheid met die ondersteuning van die lesings deur studente sowel as dosente. In 1948 rapporteer Postma egter dat die bywoning van hierdie "hoogs belangrike klas" veel te wense oorlaat. Die volgende jaar is daar 'n effense verbetering maar groter belangstelling van studentekant word verwag: "Hier word grondslae gelê



*5.1.17*

***Prof S du Toit ... Bybel behoort ereplek in die universiteite in te neem.***

waarop gedurende die studentejare en in die latere lewe gebou sal kan word." [89] In 1950 is die bywoning "redelik goed", maar vind Postma dit steeds nodig om, met 'n beroep op die PUK se leuse "In U Lig", te vermaan dat studente nie onverskillig kan en mag staan teenoor hierdie onderwysing nie. [90]

Waar het die probleem gelê, en waarom dan die afname in belangstelling? Was dit 'n tipiese na-oorlogse verskynsel, of die noodwendige gevolg van die groeiende getalle? Of het dit, gesien die vol lokale wat Totius en seun Fanus gelok het in die jare toe hulle dit aangebied het, dalk gelê by die aanbieding of die aanbieders?

By gebrek aan konkrete evalueringsgegewens is dit moeilik om, na so 'n lang tydsverloop, die vinger op die pols te lê. Al was die "Nederlandse vriende" daar rondom 1920 nie juis opgewonde oor Totius as orator nie, was sy teologiestudente later mal oor hom: "Sy klasse was kort vir ons, te kort, altyd deurvleg met sy humorsin … So het elke dag se klasse te gou verbygegaan." [91]

Totius se persoonlikheid en sy seun Fanus se tema, wat die Bybel in verband met volkere geskiedenis behandel het toe Afrikanerskap (volkskap) so sterk in die kollig was, sou ongetwyfeld kleur aan die kursus verleen het. Maar juis daardie gees waarna *Die Besembos* in 1946 verwys het (hierbo aangehaal), en wat ook in lyn is met 'n beskrywing van die studentelewe wat hom teen 1947 "in die vlakwaters van 'n algemene P.U.Kanerse fatsoenlikheid" bevind, waar min sprake is van beginseldiepte, beginselliefde en beginselstryd, [92] dui beslis op 'n situasie waarbinne 'n kursus soos Geloofsleer nie tot alle studente sou spreek nie.

#### 5.1.3.3 Simposium: Die mens in die kosmos

'n Verdere verwikkeling op hierdie terrein, maar op hoër vlak, was toe 'n aantal dosente onder leiding van prof HG Stoker (Wysbegeerte) en senior lektor WA Joubert (Regsgeleerdheid) in Augustus 1947 'n simposium geloods het "oor vraagstukke wat in verband staan met **die mens en sy plek in die kosmos** vanuit die standpunt van die Christelike wetenskap besien". Dit was 'n redelik informele inisiatief: "Die vergadering vind afwisselend plaas aan die huise van die lede van die simposium met die **gasheer** as informele voorsitter. Op elke simposium sal een of twee lede enkele gedagtes ten beste gee, waarna die hoofskottel kom, nl. die **gesamentlike bespreking."**

'n Wye verskeidenheid temas is ten aanvang uit die mou geskud. Eerstens kon sake soos "Persoon en persoonlikheid", "Vryheid en verantwoordelikheid", "Roeping, Gesag en gesagsverhoudings" en andere op verskillende simposia vanuit teologiese, wysgerige, etiese, juridiese, staatkundige, sosiologiese, opvoedkundige en ander gesigspunte beskou word. Daar kon ook aandag gegee word aan "Die mens as kenner (Christelike wetenskap), as godsdienstige wese, as sedelike wese, as politieke wese, as kunstenaar (Christelike kuns), as taalvormer, as historiese, ekonomiese, sosiale en in die algemeen as kulturele wese". 'n Derde kategorie temas behels aktuele strominge of teorieë soos evolusieleer, psigo-analise, humanisme, liberalisme (bv. in verband met kleurvraagstuk), kommunisme, nasionaal-sosialisme, dialektiese teologie, ens. Laastens kon belangrike en nuwe publikasies in verband met die bogenoemde temas ook onder die loep geneem word.

Die lede van die simposium sou beperk word, om "lewendige en vrugbare bespreking" te verseker, en die simposium sou besluit wie as lede van die simposium uitgenooi staan te word. Die eerste byeenkoms, aan huis van dosent WA Joubert en met prof Stoker as inleier, sou handel oor **Persoon en persoonlikheid** en slegs personeel wie se vakke met die tema "Die mens en sy plek in die wêreld" in verband staan, sou uitgenooi word. [93]

In Augustus 1948, met die wiele van selfstandigheidswording reeds aan die rol, kom daar uit studentegeledere nogal skerp kritiek oor die karakter van die PUK; kritiek wat onder meer gekoppel is aan die soveelste dispuut met die universiteitsowerheid oor ontgroening. "Hoopvol", wat homself voorstel as 'n aktiewe lid van die studentegemeenskap, begin sy storie op 'n positiewe noot: "In bykans elke preek en

toespraak hoor ons vandag die spreker of predikant pleit vir waaksaamheid teen die verwatering van ons Christelike beginsels, wat oor die hele wêreld aan die orde van die dag is. Dan voel die P.U.K.-student trots op sy P.U.-Kanerskap, want hy is lid en deel van 'n universiteit wat vir die Christelike beginsel staan en nie in naam nie maar in wese. Die wetenskap word bestudeer in die lig van Gods Woord. Wat die gees van die studente ook al mag wees – dit kan nie die onwrikbare beginsel van die opvoedingsinrigting skade berokken nie." Maar dan prik "Hoopvol" self dié opgeblaaste ballon: "Tot my spyt moet egter erken word dat die oorgrote meerderheid van ons studente deur hul optrede die gees van ons tyd weerspieël, en hulle verrotte invloed op hul medestudente oordra ... Die studenteraad het geen beheer oor die studente wat besig is om hand uit te ruk, en van die C.H.O. van ons universiteit 'n spot en 'n skandaal te maak … Die geloofsleerklas loop leeg terwyl Korps en P.A.N.S.O., wat albei liggame is wat streef om ons christelike en nasionale beginsels uit te dra onder die intellektuele deel van ons volk wat hul opleiding hier ontvang, besig is om op 'n afgrond af te loop."

En dis nogal jammer, is die trant van die kritiek: "Nou dat die P.U.K. gegroei het en die belangrikste posisie onder die Afrikaanse Universiteite van Suid-Afrika, waar dit op beginsel aankom, ingeneem het – word ons beginsel op die agtergrond geskuif. Christelik-Nasionaalvoelende studente aan ander universiteite sien vandag op na die P.U.K. om leiding op daardie gebied. In die pas gestigte Afrikaanse Studentebond sal P.U.K. hom die sterkste moet laat geld as inrigting wat staan vir 'In U Lig'. P.U.K. sal nie daardie posisie behou as sake in hierdie trant aanhou nie." Die oorsaak van alles, sê "Hoopvol", is 'n "hardkoppige houding" van die Senaat wat ontgroening afgeskaf het; die verlammende effek waarvan "tot in die fynste vertakkinge van ons studentelewe" deurgesuur het. Vir die Senaat, betoog hy, staan uitbreiding voorop, selfs voor die beginsel. "P.U.K. is nie meer 'n universiteit vir C.H.O. nie, maar vir £. s. d." (ponde, sjielings en pennies). [94]

Al was dit maar die mening van een individu, het in hierdie "ope brief" tog 'n boodskap van waarskuwing opgesluit gelê en sou dit die owerhede baat om in die toekoms aandag te gee aan die verband tussen uitbreiding en die handhawing van die PUK se karakter.

#### 5.1.3.4 Nuwe diensregulasies ... en die gewetensklousule

Met die oog op die komende selfstandigwording is besluit om die PUK se diensregulasies te hersien en aan te pas. Terselfdertyd is dit goedgedink om regulasies in te voeg betreffende die status van die Universiteit, ten einde te verseker dat die PUK sy Christelike karakter sal kan behou en handhaaf. 'n Kommissie onder leiding van prof JP van der Merwe het die saak hanteer. [95]

Die statusomskrywing in die voorgestelde nuwe diensregulasies het só gelui:

1. Ooreenkomstig die christelike karakter van die inrigting word van elke lid verwag dat hy in sy onderrig positief die christelike geloof sal bely en die christelike karakter van die inrigting sal bevorder deur (a) die christelike beginsels gegrond op die Heilige Skrif as die geopenbaarde woord van God te bestudeer en te ontwikkel in die onderrig en ondersoek van sy wetenskap, en (b) in woord en geskrif standpunt in te neem teenoor enige beskouings wat op sy vakgebied in stryd met die christelike beginsels is.

2. Van elke lid word verder verwag dat hy die belange van die inrigting sal bevorder deur onberispelik in die openbare lewe te verkeer en waardig die Evangelie van Christus te wandel."

Die gewysigde regulasies is in Januarie 1948 aan die departement van Onderwys deurgegee, vir sy goedkeuring, om op 1 Januarie 1949 in werking te tree. [96]

Dit was egter nie so maklik nie …

Drie maande later eers is daar reaksie en word die PUK verwittig dat die voorgestelde regulasies betreffende status teenstrydig is met artikel 15 van Wet no 20 van 1917, wat kragtens artikel 2 van wet nr 25 van 1921 deur proklamasie nr 102 gedateer 6 Julie 1921 op PUK van toepassing gemaak is. Ook oor etlike ander voorgestelde wysigings word kommentaar en wenke gelewer en word 'n verdere gewysigde voorlegging versoek. [97]

Die Senaatsbestuur, die Senaat en die Raad het hierna agtereenvolgens die saak beredeneer en toe maar weer die ou, geykte kanaal gevolg: 'n deputasie na die minister. [98] In die voorlegging aan die minister het daar nou 'n bykomende argument ter ondersteuning van die voorgestelde wysigings gekom, naamlik "dat wet no. 5 van 1933 by implikasie art. 2(1) van wet no. 25 van 1921 herroep omdat wet no. 5/1933 andersins kragteloos sou wees, en dat art. 5 van laasgenoemde wet in stryd is met die bedoeling van die wet in sy geheel en daarom nietig is."

Wet nr 5 van 1933 is natuurlik die wet waarvolgens die PUK se "verminkte vaandel" herstel, sy karakter weer met "vir Christelike Hoër Onderwys" aangedui kon word. Artikel 5 van hierdie wet, wat volgens PUK-beredenering in stryd is met die bedoeling van

***ARGUMENTE VAN PUK VIR WETSWYSIGING 1948***

***"Nadat die P.U.K. in 1921 'n saamstellende Kollege geword het van die Universiteit van Suid-Afrika onder die naam 'Het Potchefstroom Universiteitskollege' is 12 jaar later deur die Volksraad Wet No. 5 van 1933 aangeneem. Uit Konsideranse 4 en 5 van hierdie Wet blyk dat die wetgewer verlang het dat die CHRISTELIKE KARAKTER van die Inrigting behou moet bly en dat dit daarom nodig is dat deur naamsverandering aan hierdie verlange van die wetgewer uitdrukking gegee sal word.***

***"In artikels 2 en 3 van hierdie genoemde Wet No. 5 van 1933 is die naam van die Inrigting toe verander van 'Potchefstroom Universiteitskollege' tot 'Die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik Hoër Onderwys' in ooreenstemming met Konsideranse 4 en 5.***

***"Verder is deur art. 5 van hierdie Wet artikel 15 van Wet No. 20 van 1917 weer op die Inrigting van toepassing gemaak.***

***"Indien die interpretasie van art. 15 van Wet No. 20 van 1917, gegee deur die Departement van Onderwys in sy skrywe van 22 April 1948, die juiste is, en die interpretasie, gegee deur die destydse Minister van Onderwys in 1920 onjuis is (ten effekte nl. dat dit die bedoeling van die klousule is om kerklike, maar nie christelike onderwys te keer nie), dan is dit klaarblyklik***

***a) dat art. 5 van Wet no. 5 van 1933 in direkte stryd is met die vierde konsiderans van hierdie Wet wat as wenslikheid stel die behoud van die Christelike karakter van die Kollege;***

***b) dat die genoemde artikel ook voorts in stryd is met Konsiderans 5 waarin neergelê is die wenslikheid vir die verandering van die naam van die Inrigting tot 'Die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik Hoër Onderwys';***

***c) dat die bewuste artikel ook tenslotte in duidelike stryd is met artikel 2 van die genoemde Wet waardeur die naam van die Inrigting verander is soos bo gemeld;***

***d) dat Wet no. 5 van 1933 by implikasie art. 2(1) van Wet no. 25 van 1921 herroep omdat wet no. 5/1933 andersins kragteloos sou wees, en dat art. 5 van laasgenoemde wet in stryd is met die bedoeling van die wet in sy geheel en daarom nietig is;***

***e) dat gevolglik art. 2 van die hersiene diensregulasies nie in stryd met wet no. 5/1933 is nie."***

**- "Memorandum insake die P.U.K. vir C.H.O."**

die wet, verwys na die amendement wat mnr Morris Alexander na baie moeite in 1933 aanvaar gekry het en waarvolgens die gewetensklousule (artikel 15 van wet nommer 20 van 1917) steeds op die PUK van toepassing sou wees.

Feite oor die historiese agtergrond van die saak is per memorandum **(kyk ook insetsel)** en ook tydens 'n persoonlike onderhoud aan die minister voorgelê, waarin die reg en die plig van die Raad van die PUK aangetoon word om die voorgestelde regulasie in te stel. Na verdere beredenering en motivering word deur die Raad van die PUK "eerbiediglik aan Sy Hooged. die Minister van Onderwys" voorgelê dat die inrigting nie sy wetlik-opgelegde plig, naamlik om die Christelike karakter van die inrigting te behou en te handhaaf, kan nakom indien hy nie met die voorgestelde bepalings bemagtig is nie.[99]

Vanweë die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party vroeg in Junie 1948, was dit nie meer JH Hofmeyr nie, maar dr AJ Stals wat nou die ministeriële stoel beklee het.[100] Die PUK-deputasie vind hom baie simpatiekgesind, maar hy het die saak na sy wetsadviseurs verwys. Dr Jan Steyn, Potchefstroom se Volksraadslid, wat nie geken is in die samespreking met die minister nie, is nou op hoogte gehou en gevra om as voorspraak op te tree.[101]

Teen middel Augustus word die ministeriële regsadvies aan die PUK deurgegee. Hiervolgens het daar in 1933 "bloot 'n naamsverandering" plaasgevind, want artikel 15 van Wet 20 van 1917 (die gewetensklousule-artikel) het steeds behoue gebly: "Die wenslikheid daarvan om die christelike karakter van die Kollege te behou, is dus wel erken, maar geen bepaalde bevoegdhede om dit te verseker is verleen nie, terwyl daar spesifieke voorskrifte neergelê is wat regstreekse optrede in die rigting sou verbied. Derhalwe kan die christelike karakter van die Kollege slegs deur vrywillige optrede verseker word."

Die gevolgtrekking van die adviseurs: "Die voorgestelde toevoegings tot die personeeldiensregulasies skyn regstreeks met gemelde voorskrifte in stryd te wees ... Onder die omstandighede is dit duidelik dat die toevoegings nie geoorloof is nie."[102]

Midde-in die oorwegingsfase van die PUK se voorstelle word daar van die kant van die departement van Onderwys navraag gedoen na 'n kopie van die brief wat prof JD du Toit en ds Willem Postma op 20 Maart 1919 aan minister FS Malan gerig het, op grond waarvan laasgenoemde toestemming tot subsidie verleen het. Jammer, laat weet die registrateur, ons kon dit nog nie opspoor nie – maar dit is twyfelagtig of daar wel 'n afskrif bestaan, want die twee here was in Kaapstad toe hulle die brief geskryf het. [103]

Postma wou nie bes gee nie en het skynbaar 'n alternatiewe bewoording opgestel, wat dalk voldoende sou wees, maar regsdosent WA Joubert het getwyfel: "Daarteenoor kan ek weer, indien nodig, die standpunt deur ons ingeneem motiveer, en ek is nog oortuig dat ons minstens 'n sterk saak het. Maar dit sou beteken dat ons die saak dan uiteindelik voor die hof sal moet lê, en wat die uitspraak sal wees is gladnie seker nie. Ek meen ook dat so 'n stap nie wenslik is nie, maar dat ons die kwessie met rus moet laat en ons standpunt liewer in die selfstandigwordingswet moet probeer deurveg, en op hierdie stadium nie 'n vyandige atmosfeer by dele van die publiek moet skep nie." [104]

Joubert se advies is ter harte geneem en vroeg in November het die PUK die aftog geblaas deur die Departement in kennis te stel "dat die Raad van hierdie Kollege nou afgesien het van die punt wat hy in die diensregulasies wou gestel het na ontvangs van die opinie wat die regsadviseurs hieromtrent uitgespreek het". [105] Maar daar is nie tou opgegooi nie en Postma het hom teen die einde van 1948 skerp uitgelaat: die gewetensbepaling veroorsaak moeite en las, is 'n struikelblok en heeltemal misplaas, 'n smaad op die PUK se wetboek. Dit moet óf van die wetboek verwyder word, óf aangepas word "dat dit in geen enkele opsig belemmerend of beswarend sal wees vir die handhawing van ons christelike beginsels, van ons kosbare **erfenis** wat aan ons oorgelewer is nie". [106]

Die volgende rondte in die stryd om die handhawing van die PUK se Christelike karakter sou nie lank uitbly nie.

#### 5.1.3.5 "Onderwys verpotchefstroom?"

Op die vooraand van onafhanklikheidswording het die PUK-karakter skerp in die kollig beland en wel na aanleiding van die bekendmaking van 'n CNO-beleid deur die Instituut vir Christelik-Nasionale Onderwys (ICNO) van die FAK. Die ICNO het sy beslag gekry as uitvloeisel van 'n FAK-geïnspireerde konferensie oor CNO te Bloemfontein in Julie 1939. Van PUK-kant en veral by name in die persoon van prof J Chr. Coetzee is daar stewige insette in die beleidsdokument, getiteld "Ons C.N.O.-beleid", gegee. Die voorwoord is geskryf deur prof JC (Joon) van Rooy.

Oor die herkoms van die beleidstuk vertel Coetzee: [107] "Hierdie Beleid is saamgestel deur 'n groep manne uit alle vertakkinge van ons Christelik-nasionale volkslewe: uit aldrie ons Afrikaanse kerke en uit verskillende professies soos die onderwys, die reg, die kerk en die staat. Na publikasie van die Beleid is dit as die norm vir ons C.N.O. aanvaar deur ons drie Afrikaanse Kerke, ons vier Afrikaanse Onderwysersverenigínge, deur allerlei Afrikaanse Kultuurorganisasies. Die Beleid verteenwoordig dus die diepgevoelde oortuiging van die grootste deel van ons Afrikaners."

Wat Coetzee eintlik bedoel het maar nie openlik kon sê nie, was dat hierdie beleidsdokument 'n daad van die Afrikaner Broederbond was. Die ICNO-dokument het vroeg in 1948 in brosjurevorm verskyn, maar aanvanklik nie veel aandag getrek nie. In die Augustus-uitgawe van *British Africa Monthly* is dit egter krities ontleed en het dit satiriese kommentaar ontlok: "We are going to have a series of Potchefstroom colleges henceforth with Van Rooy's and Chris Coetzees holding aloft feeble candles in their villages to illuminate the country's increasing darkness. It will be like striking matches in Dover to give light in Calais." [108] Later bevind die *Saturday Post* dat die beleid van apartheid "in a sinister and subtle manner" in die verhouding tussen die blanke rasse (bevolkingsgroepe) ingedra word, terwyl die tydskrif *Trek* weer van mening was dat die kwessie oor CNO inderdaad apartheid as vernaamste politieke vraagstuk oorskadu. In die Unie-Senaat het senator Brookes 'n parallel getrek met Nazi Duitsland en Hitler se *Mein Kampf*, en gesê dat dit elke Afrikaanse kind polities sal indoktrineer. [109]

Die gort was behoorlik gaar en kritiek het uit alle oorde op die beleidstuk en sy opstellers se hoofde losgebars. Onder die beswaarde persone en instansies wat die beleidsdokument skerp in die openbaar veroordeel het was die Association of University Workers, die Education League, die League of Women Workers, die South African Teachers' Association (SATA) en prof MC Botha (eertydse sekretaris van Onderwys en latere rektor van UP) en dr E. Eybers, voorheen professor in Opvoedkunde aan UKOVS.[110] Koerante wat deel uitgemaak het van die kritiek-koor was onder meer *Die Suiderstem* van Abraham Jonker en feitlik die totale Engelse pers, landswyd. Aan die kant van die beleërdes het die Nasionaalgesinde Afrikaanstalige pers, die Transvaalse en die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie en ook Onderwysminister AJ Stals die kritiek opgevang en wal gegooi. [111]

Vroeg in Maart 1949 word 'n kennisgewing van die FAK oor hierdie saak deur die PUK-Senaat behandel en word die redaksie van *Koers* versoek om te reageer, spesifiek op 'n brosjure wat deur die lektorevereniging

van die Universiteit van Witwatersrand versprei is. [112]

Die *Koers*-redaksie het nie geaarsel nie en sy volle gewig agter die saak ingegooi. HG Stoker is genader om die begrip Christelike wetenskap nader te ontleed, terwyl J Chr Coetzee as redakteur Christelike onderwys verdedig het. [113] In 'n opvolgnommer het Coetzee ook enigsins breedvoerig ingegaan op "Die C.N.O.-beleid en ons hoër Onderwys". [114]

Stoker hou voor dat godsdiens en wetenskap nie geskei mag word nie, maar wel onderskei kan word: "Elk het sy besondere taak en funksie, is soewerein in eie kring en vry in eie bevoegdheid. Die een kan die ander nie vervang en mag die ander nie oorheers, krenk of verkrag nie. Maar beide sal in onderlinge afhanklikheid mekaar vryelik tot diens en seën wees. **Christelike wetenskap** is wetenskap wat van sy kant 'n vrye wisselwerking met die Christelike (as die absolute) godsdiens welkom heet." Hy dui ook met voorbeelde aan "dat die gangbare (positivistiese) wetenskapsopvatting nie neutraal is nie, maar op 'n afvallige religieuse geloofsgrondslag berus". Om te voorkom dat die Christelike godsdiens tot "agterryer van 'n wetenskap met 'n afgodiese grondslag" gemaak word, moet dit as bondgenoot kry 'n Christelike wetenskap wat die religieus afvallige wetenskap bestry.

In sy eerste bydrae ter verdediging van die saak en onder opskrif "Christelike Onderwys" [115] ontleed Coetzee op sy beurt die versetsreaksie: "Die aanvallers was en is nog deur die bank manne en vroue wat of nie Afrikaansgesind is nie of nie lidmate van die drie Afrikaanse kerke nie. In die reël is die aanval gevoer deur ons Engelssprekende mede-Suid-Afrikaners en veral deur Afrikaanssprekendes wat nie meer nasionaal voel nie of in godsdienstige opsig vrywel liberaal dink."

Op die vraag na die rede vir die heftige verset, kom Coetzee tot 'n enkele slotsom: "Die Engelssprekendes meen dat ons deur die Beleid van hulle Afrikaners wil maak en die liberaalgesindes weer dat ons van hulle gereformeerde Christene wil maak." Maar dit is beslis nie die geval nie: "Van dwang op andersdenkendes is daar in ons Beleid – en in ons optrede om die Beleid te verwesenlik in die praktyk van die opvoeding – nie die minste tekens nie ... Wat ons vir onsself vra, is ons bereid om aan andere te gun ... Andersdenkendes kan 'n soortgelyke beleid vir hul kinders formuleer – en ons beskou dit nie alleen as hul reg nie maar ook as hul plig." Coetzee verdedig ook die standpunt van Christelike onderwys, as dat alle onderwys deur lewens- en wêreldbeskouing bepaal word: "In die Christelike onderwys interpreteer ons die sgn. sekulêre feite in die lig van die ewigheid: in U lig sien ons alleen die lig."

In 'n opvolgartikel, "Die C.N.O.-beleid en ons Hoër Onderwys" [116] betoog hy dat die pleidooi vir Christelike wetenskapsbeoefening nie "bekrompe" of "middeleeus" is nie en beroep hy hom op 'n beroemde Engelse wetenskaplike, prof CH Waddington: "Tereg sê Waddington: die handhawing van 'n wetenskaplike houding veronderstel die aanvaarding van 'n bepaalde etiese standaard. Die Christen se etiese norme wortel op die gebod van God, en daarom berus sy wetenskaplike houding op sy religieuse standaarde." Die skrywers van die beswaarde brosjures word deur Coetzee beskou as leke op die gebied van die opvoedkunde: "Ons kan hulle dit nie kwalik neem dat hulle moeilike terme soos die volgende sal nie verstaan nie: sekulêr, teties (en antiteties), eklekties, rekonsiliërend, positief, fundamenteel teenstellend."

Die spook van die gewetensklousule was steeds wandelend, maar Coetzee het met graagte toegegee dat hul beleid ten opsigte van hoër onderwys 'n aanval op die klousule is: "C.N.O.-voorstanders het die klousule nog altyd beveg." Oor die beskuldiging van veral die South African Teacher's Association, dat dosente nie vir hulleself mag dink nie, is Coetzee se antwoord: "Die gelowige wetenskaplike dink dus wel vir homself maar dan onderworpe aan die Waarheid van Gods openbaring. Die vrysinnige of los-denkende professor en lektor hoort dan ook nie tuis op 'n Christelike inrigting nie."

Prof MC Botha, voormalige sekretaris van Onderwys en tot twee jaar tevore nog rektor van UP, het 'n venynige aanval op die ICNO se beleidsdokument gedoen. Met verwysing na die feit dat een van die tien lede van die ICNO-bestuur aan die PUK verbonde is en dat die voorsitter van die FAK "glo ook 'n professor uit Potchefstroom" is, het hy ten sterkste protes aangeteken "teen enige poging om ons hele onderwysstelsel te verpotchefstroom". Botha se geheelindruk was "dat hier 'n poging aangewend word om ons, wat kerk, godsdiens en die onderwys betref,






***5.1.18***

***Van Koers se kant af, het proff HG Stoker en J Chr Coetzee die strydbyle teen die aanvallers van die ICNO-dokument opgetel.***





Sal Ons Onderwys Verpotchefstroom Word?

F.A.K. se Poging om ons Onderwys te Verpotchefstroom

deur Prof. M. C. Botha,

Vroeër Unie Sekretaris vir Onderwys,
later Rektor van die Universiteit van Pretoria.

Daarna 'n Paar uittreksels uit Prof. J. Chr. Coetzee van Potchefstroom se Verklarings van die C.N.O.-konsep.

Uitgegee deur Thelma Philip vir
DIE OPVOEDINGSBOND
(Education League)

Posbus 1176, Johannesburg

***5.1.19***

***Prof MC Botha ... eens so vol lof, nou skerp krities oor die karakter en strewe van die Potchefstromers.***

na die middel-eeue terug te plaas." [117] Botha se kritiek het aanvanklik verskyn in *Die Suiderstem*, die kritiese en soms satiriese koerant van Abraham H Jonker, 'n verbete teenstander van die PUK se Christelike karakteraanduiding, asook in *Cape Times* en *Forum*. Dit is later in pamfletvorm saam met ander uitsprake oor CNO deur Thelma Philip vir die Opvoedingsbond van Johannesburg uitgegee.

Die betrokke pamflet gee ook heelwat aandag aan prof J Chris Coetzee "van die P.U.K. vir C.H.O." se uitsprake oor die doel van CNO en lys die volgendes: "C.N.O. skole nie kerkskole nie", "Afrikaanse kinders almal onder een kam geskeer", "Hulle moet geen ander land liefhê nie", "Die ewolusieleer, die skepping en die wetenskap", "Selfs rekenkunde moet Calvinisties wees", "Die gewetensklousule oor die hoof gesien" en "Christelik en Nasionaal is een en die selfde". [118]

Vir Coetzee was die "prettige" verwysing van prof Botha na die "verpotchefstroming van ons onderwys", heeltemal misplaas: "Om die onderwys te 'verBotha' of te 'verpotchefstroom' is beide in stryd met die grondbeginsel van vryheid en soewereiniteit in eie kring … As Potchefstroom Christelik hoër onderwys wil hê, dan moet dit aan hom gegun word en dan moet hy, dit spreek tog vanself, Christelike professore en lektore hê. As Pretoria, Stellenbosch en Bloemfontein dit ook wil hê, dan moet hulle kry wat hulle begeer. Maar as Kaapstad, Johannesburg en ander plekke dit nie wil hê nie, nou ja, dan moet hulle dit nie kry nie. Ook op die terrein van die hoër onderwys moet die beginsel van vryheid en soewereiniteit in eie kring gehandhaaf word." [119]

Vir die PUK moes die kritiek van Botha ietwat ironies gewees het. In Mei 1937 is 'n eredoktorsgraad, wat deur die Universiteit van Suid-Afrika toegeken is, tydens 'n gradeplegtigheid op Potchefstroom deur hom in ontvangs geneem. By die geleentheid het hy, in die woorde van Postma, " 'n kragtige rede uitgespreek tot handhawing van ons beginsels op die gebied van godsdiens en taal". [120] *Wapenskou* het sy woorde weer só vertolk: "Prof Botha het hom ten slotte sterk ten gunste uitgespreek van die beleid van die Potchefstroomse Universiteitskollege om die wetenskaplike studies met die studie van die Christelike beginsels te verbind." [121] En in 1940, toe hy as spreker tydens die gradeplegtigheid en by die ingebruikneming van die PUK se nuwe laboratoriums die rede gevoer het, het hy weer 'n lansie gebreek vir die Christelike wetenskapsbeoefening aan hierdie inrigting. **(kyk afdeling 3.5.1 )** [122]

In sy vroeëre loopbaan bekend as kampvegter vir Afrikaans, het Botha se verligte siening oor Afrikanerskap en oor die noodsaak van tweetaligheid hom tydens sy rektorskap by die Universiteit van Pretoria (1941-1947 ) by sy eie mense in onguns gebring. [123] Juis hierdie sieninge en opvattinge van hom het ook reeds in die vroeë veertigerjare botsings met

die Broederbond en sy gevolglike vrywillige prysgawe van lidmaatskap van hierdie beweging tot gevolg gehad. Om die prentjie te voltooi, het Botha onsuksesvol as Verenigde Party-kandidaat aan die 1948 algemene verkiesing deelgeneem. [124] Dit spreek dus vanself dat hy nie veel aanklank sou vind by die Potchefstromers nie.

Dat daar darem nie net kritiek teen "hierdie mees besproke onderwerp" uitgespreek is nie, blyk uit simpatieke artikels daaroor in tydskrifte soos *Inspan*, *Onderwysblad*, *Die Hervormer* en *Die Kerkblad*. [125] Ook vanuit Nederland het daar onderskraging vir die CNO-beleid gekom en wel by monde van prof J Waterink van die VU, wat vanaf 2 Februarie tot 3 Julie 1949 op besoek in Suid-Afrika was. **(kyk afdeling 3.3.6)** Die beleid wat in Suid-Afrika beoog word, dui hy aan, is reeds meer as honderd jaar gelede in Nederland ingevoer en het geen verdeeldheid veroorsaak nie. Dis 'n beleid wat daarna streef om die Christelike geloof, die ruggraat van Nederland vir 300 jaar, te behou en te bevorder. Kritici verwar CNO met politieke nasionalisme in die Unie; mense met verskillende opvattinge ("philosophies") moet die volste reg hê om skole volgens hulle opvattings te stig, welke skole deur die staat gefinansier word – soos die geval is in Nederland. [126]

Die volgende, en laaste, rondte in die stryd oor die Christelike karakter van die PUK was nou op hande: die wetgewing vir selfstandigwording. Alle oë sou weldra gevestig wees op Parlementshuis in Kaapstad, waar teenstanders teen die eksplisiete Christelike karakter van die inrigting en teenstanders van die steedsgewraakte gewetensklousule hul slagordes finaal teenoor mekaar sou opstel.

### 5.1.3.6 Studente en die PUK-karakter

In 1947 het Besembos-redakteur Chris Hattingh dit oor stryd as wesenskenmerk van die studentelewe aan die PUK. Sonder stryd, sê hy, kan beginsels nie voortleef nie. Daar is dankbaarheid dat die jarelange stryd onder Afrikanerstudente besweer is, deur die totstandkoming van PANSO, maar hy het onvrede met wat hy noem 'n "algemene P.U.K.-fatsoenlikheid ... wat ter wille van die vrede en die sogenaamde eenheid, geen verskille opmerk en geen stryd wil aanknoop nie".

Hy brei verder hierop uit: "Dit is weer tyd dat ons mekaar moet oortuig van wat die P.U.K. is en wat van 'n P.U.-Kaner verwag word! Die studente moet weer gestel word voor die beginsels van die P.U.K. en hulle in die lig daarvan ondersoek. Ondersoek en kyk of 'n 'ex-club' ['n bekende en druk besoekte dansklub in die dorp] tuishoort onder P.U.K.-studente. Ondersoek en kyk of lawwe grappies in bedompige kamers 'n P.U.Kaner waardig is. Ondersoek en kyk of dit wel reg is dat Pukke by professore en bymekaar verbyloop sonder om te groet. Ondersoek en kyk of dit wel reg is dat P.U.Kaners op Sondagmôre die roes van die Saterdagnag uitslaap ... Kort-om, waar is die lewensstyl van die P.U.K.-student?"

Dan – soos eggo's vanuit die middel-dertigerjare – is daar die ietwat verrassende kuur, die enigste redmiddel: "as aan die S.R., wat op die oomblik op krukke beweeg, die volle gesag verleen word, om ontgroening te laat plaasvind en met ferme hand booswigte op hul plek te sit ..." [127]

Aan die vooraand van selfstandigwording, wat terselfdertyd 'n oorgangstadium is, word besef dat die PUK nie op getalle kan staatmaak nie maar dat hy magtig is in sy beginsel, dat dit nooit ontbreek het aan innerlike krag nie. Die grondleggers se geloofswerk is aangeprys: "Uit die as van vernedering van die Tweede Vryheidsoorlog sou 'n aantal monumente vir die Boerenasie verrys, en een daarvan is die P.U.K. – uit die volk vir die volk ...'In U Lig' is die wetenskap beoefen, in die vrese van die Here is die een steen na die ander gelê ..." Die toekoms bied groot moontlikhede, wat gebruik moet word. "Laat ons trag om altyd ons beginsels uit te lewe ...", is die boodskap van Besembosredakteur HA Louw aan die einde van 1948. [128]

'n Ietwat vals noot in die geskiedenis van die PUK se studentelewe was die kapingspoging op Tukkies se rasieleier, aspirant-predikant Jannie Malan, láát Sondagaand 18 Junie 1950. Wat die saak vererger het, en tot groot opspraak en opslae gelei het, was dat Malan pas vroeër die aand 'n proefpreek gelewer het.

Die poging het nie geslaag nie en 'n groep omgekrapte Tukkiestudente het uit weerwraak die sewe waaghalsige Pukke kwaai laat les opsê. Volgens SR-voorsitter Willem de Klerk, wat namens die SR alle verantwoordelikheid vir die gebeure geneem het, is hulle tydens hul aanhouding hardhandig behandel en baie beledigings teen die studente persoonlik en teen die PUK geslinger. Malan het glo by geleentheid "onder die dekmantel van sekere beginselargumentasies, die persoonlike stryd **wat wortel in 'n antipatie teen die P.U.K.** ... aangeknoop". [129]

Die Maandagaand was die Pukke meer suksesvol en het hulle daarin geslaag om die SR-voorsitter, WL Maree ('n latere kabinetsminister) na Potchefstroom te ontvoer. Die ironiese is dat Maree vroeër die dag per brief ernstig beswaar by die PUK se SR aangeteken het teen "die aanval" wat op hul sangleier gemaak is na afloop van sy proefpreek. Hierdie daad het na sy mening "alle perke van gesonde studentepret 'oorskrei' en 'daar (is) seker niks wat die goeie verhouding tussen universiteite meer versteur nie' ". [130]



# INTERVARSITY AFGELAS

## P.U.K. se Rektor se[…] Skerp Protes

'N POGING van 'n aantal studente van die Potc[…]
stroomse Universiteitskollege om die dirigent […]
die Universiteit van Pretoria, Jannie Malan, Sondaga[…]
te ontvoer, het tot gevolg dat die Intervarsity tussen […]
twee inrigtings afgelas is. Dit sou Saterdag plaas[…]
vind het.

In Pretoria het hierdie optrede op die Sabbat reeds groot verontwaardiging uitgelok en die Rektor van die Potchefstroomse Universiteitskollege, prof. F. Postma, het hom gisteraand ook sterk oor die voorval uitgespreek.

„Dis 'n skandaal dat so iets moes plaasvind op 'n Sondagaand," het hy gesê. „Dit het my verskriklik geskok en ek het dadelik die Intervarsity afgelas," het prof. Postma gesê. „Ek wil my sterkste protes teen hierdie handelswyse laat hoor en ek is seker die volk sal dit met my deel, want so iets is nie in die […]

Die geskiedenis van die s[…]
is kortliks soos volg: Ja[…]
Malan, teologiese student […]
U.P. het Sondagaand sy p[…]
preek gelewer en ná die dien[…]
dr. Ben Marais se pastorie
gaan waar die preek met pr[…]
sore bespreek is.

Omstreeks halftien is hy s[…]
met 'n vriend en twee vriend[…]
daar weg en is hy buite sk[…]
deur 'n aantal Potchefstroo[…]
studente oorval. Sy vrien[…]
vriendinne het hom alle mo[…]
like hulp gebied, maar in
proses het van sy klere. […]
meer sy manel. beskadig ge[…]
Jannie het om hulp gesk[…]

*5.1.20*

***Die Transvaler 21.6.1950***



# INTERVARSITY OP POTCHEFSTROOM VIND TOG PLAAS

DAAR sal tog wel môremiddag Intervarsity tussen die Universiteit van Pretoria en die Universiteitskollege van Potchefstroom gehou word.

**Hierdie wending in die hele aangeleentheid volg op vertoë wat van verskeie kante tot die Universiteitsowerheid van die Potchefstroomse Universiteitskollege gerig is, en gistermiddag is daar besluit dat die verrigtings wel sal plaasvind.**

Die openlike verklarings wat deur die voorsitters van die onderskeie Verteenwoordigende Studenterade van die twee inrigtings uitgereik is, waarin spyt te kenne gegee word oor die optrede van sowel die Potchefstroomse as die Pretoriase studente, het ook baie bygedra dat die kragmetings wel sal plaasvind.

**VERKLARING**

Die volgende verklaring is gister deur die owerheid van die Potchefstroomse Universiteitskollege aan Die Transvaler oorhandig:

„Na die openlike verklaring in die pers deur die voorsitters van die Studenterade van U.P. en P.U.K., en met die oog op die handhawing van die goeie verhouding tussen die studentegemeenskappe, het die Rektor van die P.U.K. besluit om van sy kant die reeds behoorlik-georganiseerde Intervarsity nou wel te laat plaasvind."

**FINALE REËLINGS**

Aan albei die Universiteite het daar na die bekendmaking groot vreugde geheers, en inmiddels het die Tukkies weer met groot ywer aan die werk gespring om die finale reëlings te tref.

Daar sal môre in groot getalle met busse en motors na die tuiste van die P.U.K. opgetrek word vir die kragmeting en die studentejolyt wat daarmee gepaard gaan.

**Vanaand vind daar ook al 'n kragmeting plaas wanneer die groot sprekers van die twee Universiteite teen mekaar te staan kom. Daar is egter nog 'n derde teenstander, naamlik die Universiteit van Stellen-**

*5.1.21*

***Die Transvaler 21.6.1950***



*5.1.22*

***Jannie Malan ... ná sy preek gekaap.***

Die kapingspoging op Malan is onmiddellik ten sterkste deur die rektor van die PUK afgekeur en as strafmaatreël het hy die komende intervarsity afgelas.

Postma se daadwerklike optrede het gunstige kommentaar ontlok. Ds DFB de Beer het namens die Sinodale Kommissie vir Openbare Sedelikheid van die NG-Kerk waardering en dank betuig en daaraan toegevoeg: "Die wêreld mag spot, maar u universiteit het getoon dat hy staan vir die handhawing van die Christelike Rusdag, en dit met 'n klinkende daad bevestig." [131] Ook mev ES le Grange het as "Kristelike Afrikaner Moeder" haar waardering en agting vir die rektor se handhawing van "ons Kristelike Afrikaanse beginsels" betuig. [132]

Mnr JP Malan, die dirigent se pa, was dankbaar vir Postma se optrede maar ook diep hartseer en geskok, het gevoel dat hulle seun mishandel, beskadig en besoedel is "en dit van 'n kant waar dit nooit vandaan verwag is nie". [133] Postma het die Universiteit se verskoning aangebied en die versekering gegee "dat die betrokke studente diep onder die indruk verkeer van die growwe en laakbare fout wat hulle begaan het". As troos moes dien dat Jannie Malan die belhamels hul dade vergewe het. En tydens die intervarsity, wat toe wel op die ou einde plaasgevind het, het hy nie

alleen die Tukkies as dirigent voorgegaan nie, maar by geleentheid ook die dirigentstaffie aan PUK-kant geswaai! [134]

De Klerk het in 'n lang brief aan rektor Postma verslag gedoen van die gebeure. Dit blyk dat, terwyl Maree in "gevangenisskap" op die PUK was, die kwessie rondom Malan indringend bespreek is en dat daar nie juis kwade gevoelens was nie – van UP-kant was daar selfs meelewing met die PUK se saak.[135]

Nadat die ontvoerders hul fout om op Sondag op te tree, erken en bely het, het die SR en 'n ondersteunende massavergadering hul solidariteit bewys en die verantwoordelikheid op hulle geneem. Die rektor is gelyk gegee vir sy tugoptrede en daar is ootmoedig om verskoning gevra: "Ook aan die Senaat en veral aan u geagte Rektor. Ons besef dat ons u baie teleur gestel het." Die versekering is gegee dat die verhouding met UP "volkome" herstel is.

En dan, met selfstandigwording vroeg in 1951, is daar ook van studentekant besinning.

In die studenteblad se feesuitgawe behandel Lenie Roos die vraag "Waarom juis aan P.U.K. vir C.H.O. studeer?" Sy gee self die antwoord, stel dit onomwonde dat die voorreg van student te wees soveel groter is in die geval van 'n PUK-student, met die toevoeging: "Die grond vir so 'n bewering lê reeds opgesluit in die treffende leuse van die inrigting: "IN U LIG".


Roos gee dan haar getuigskrif aan die PUK: "Deur Christelike Hoër Onderwys trag die P.U.K. dus om nie slegs lewensegtheid en spontaniëteit in die student te kweek en te ontwikkel nie, maar boweal om hom te vorm tot gehoorsaamheid aan en navolging van die waarheid, sodat hy waarlik toegerus sal wees vir diens. In hierdie opsig neem die P.U.K. vir C.H.O. 'n unieke plek in in die opvoeding van ons volk. Elke student wat van die kostelike geleenthede wat hierdie inrigting bied, in die klaskamer sowel as daar buite, behoorlik gebruik maak, oefen later 'n onberekenbare invloed ten goede uit in die samelewing waar hy beland." [136]

Maar Roos voeg ten slotte 'n sedelessie toe, "dat ywer vir die suiwer leer nie die liefde uit die siel verdring nie, want die ywer vir die verdediging van die waarheid bring dikwels 'n koudheid in die hart van die onvermoeide verdediger. Liefde, wat homself toon in dade van liefde, is tog die uiteindelike toets van ons godsdiens, of dit eg is of nie." [137]

SR-voorsitter Willem de Klerk beklemtoon op sy beurt dat die toekoms eerlikheid eis ten opsigte van die uitgesproke beginsels: "Ons moet wees wat ons wil wees. Die toekoms ontvang die Potchefstroomse Universiteit as 'n **Christelike Universiteit** en nie as 'n universiteit nie. Die toekoms verwag van ons inrigting en van ons studente 'n Christelike wetenskapsbeoefening en 'n lewensstyl wat deurgloeid en deurleefd is van Calvinisme.

"Die toekoms **eis** van die Potchefstroomse Universiteit **Vryheid**. Ons moet ons vryheid gebruik en uitlewe – vryheid om die beginsel van Christelik-Nasionale Onderwys in die praktyk te verwesenlik – vryheid om te getuig en te bewys dat die Christelike wetenskap die hoogste en suiwerste uiting van die wetenskap is. Bo alles vryheid om God en ons **Volk** te dien met krag en besieling."

Met sterk klanke van sy later so kenmerkende welsprekendheid as openbare figuur, inderdaad byna melodramaties, sluit de Klerk sy boodskap af: "Suid-Afrika luister na die Potchefstroomse Universiteit. Die raadsale van ons land, waar die stryd om die Potchefstroomse Universiteit gegaan het, let op ons. Die Afrikanervolk roep met 'n luide stem na sy eie inrigting; die wetenskap staan stil in afwagting; Christelik-Nasionale Onderwys vra om praktiese uitlewing; ons verlede wag in spanning ... en die toekoms luister." [138]



*5.1.23*

*Willem de Klerk*